

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 5

# 5 Stigting en vestiging van GRAAN SA

NAMPO het dit van meet af aan as een van sy doelwitte ontwikkel om samewerking tussen al die produsente-organisasies in die graan- en oliesadebedrywe in Suid-Afrika te bewerkstellig en het met verloop van tyd die inisiatief geneem om gesprekke daaroor met die ander produsente-organisasies aan te knoop.

## SAMESPREKINGS TOT VORMING VAN DIE GRAANPRODUSENTE-ORGANISASIE (GPO); 1999/2000

Samewerking was as belangrik beskou ten einde die behoeftes en uitdagings wat voortdurende veranderings in die bedryfsomgewing teweeggebring het, op 'n georganiseerde en gekoördineerde wyse te kon aanspreek. Die beweging na samewerking is ondersteun deur die feit dat die produsente-organisasies se funksies tot 'n groot mate oorvleuel het, wat 'n onnodige duplisering van kostes meegebring het. Boonop het die meeste akkerbouprodusente meer as een gewas verbou, maar ten opsigte van die verskillende gewasse is hulle deur verskillende organisasies verteenwoordig.

In die algemeen het die verandering van die Regering in Suid-Afrika in 1994 en die gepaardgaande nuwe beleidsrigtings dit gewens gemaak dat 'n groter eenheidsfront gevorm word om akkerbouprodusente se belange te beskerm. Veranderings in bedryfsvereistes en die landbou-omgewing in die algemeen het groter spesialisasie vereis en daar was net nie genoeg kundiges beskikbaar sodat elke bedryf sy eie spesialiste kon aanstel nie.

NAMPO het die noodsaaklikheid besef dat een organisasie daargestel moes word wat alle kommersiële graan- en oliesadeprodusente kon verteenwoordig. Die leiers in so 'n bedeling moes deur die produsentelede daargestel en bemagtig word om volgens hulle mandaat te kan optree.


Eerste doelgerigte gesprekke oor samewerking wat tussen NAMPO en NOPO gevoer is, het van die begin af positief verloop. Aanvanklik was die gesprekke met die WPO en die SPO minder positief. NAMPO het egter volhard met sy pogings en die boodskap deurgedra dat die vele gemeenskaplike faktore wat op daardie stadium afsonderlik deur die verskillende bedrywe hanteer is, gesamentlik meer effektief aangespreek kon word.

Die gesprekke tussen die organisasies het aanvanklik net oor samewerking gehandel, totdat mnr Andries Beyers, die Voorsitter van die WPO, tydens 'n vergadering te Kroonstad die mening uitgespreek het dat die gesprek eintlik nie oor samewerking moet gaan nie, maar wel oor eenwording, oftewel samesmelting. Dit het die besef by die betrokkenes aangewakker dat eenheid belangriker was as slegs samewerking. Die benadering tydens gesprekke daarna het gevolglik verskuif van moontlike samewerking tot moontlike samesmelting.

### Gesprekke oor samewerking tussen NAMPO en NOPO

Reeds vanaf Maart 1997 is formele gesprekke op sowel administratiewe as beleidsvlak tussen NAMPO en NOPO gevoer met die doel om modelle vir toekomstige samewerking tussen die twee organisasies te ontwikkel. Dit was van meet af aan duidelik dat NAMPO en NOPO baie gemeen gehad het, aangesien hulle die visie gedeel het om die ekonomiese lewensruimte van mielie- en oliesadeprodusente te bevorder.






'n Spotprent in *SA Graan/Grain* van Desember 1997 beeld die samewerkingsooreenkoms uit wat toe sopas deur NAMPO en NOPO bereik is.

Die NOPO Hoofbestuur het die beginsel van samewerking op 14 Oktober 1997 goedgekeur terwyl NAMPO se Hoofbestuur intussen 'n besluit geneem het om samewerking te ondersteun. Beide organisasies se voorsitters, naamlik mnre Gert Pretorius en Japie Grobler, het die amptelike samewerking tussen die twee organisasies op 24 November 1997 by wyse van ′n mediaverklaring bekend gemaak.

Die volgende inhoud van die mediaverklaring som die redes vir en besonderhede van die samewerking ten beste op:

*"Die realiteite van die bedryfsomgewing waarin oliesade- en mielieprodusente moet oorleef, het hierdie besluit 'n logiese stap gemaak. Beide oliesade- en mielieprodusente het te make met hoë insetkoste, mededingende internasionale markte, 'n vrye en vloeibare binnelandse mark sowel as 'n verswarende staatkundige omgewing waar die Wetgewer in die proses is om wetgewing te verander wat die landbougemeenskap se lewensruimte en vermoë onder toenemende druk plaas.*

*Hierdie besluit is verder gemotiveer deur die feit dat mielies en oliesade dikwels deur dieselfde produsent op dieselfde plaas verbou word.*

*Met die nuwe Bemarkingswet wat die boeregemeenskap in 'n groot mate ontneem het van 'n effektiewe meganisme om bedryfsorganisasies sowel as algemene dienstebene van landbou te finansier, het dit ook noodsaaklik geword dat beperkte bronne optimaal benut sal word. NAMPO en NOPO het aldus besluit om beide kundigheid, leierskap, infrastruktuur en beskikbare finansies so te bestuur dat dit tot die wedersydse voordeel van mielie- sowel as oliesadeprodusente sal wees.*

*Met inagneming van die gemeenskaplike behoeftes aan dienslewering en inligting by mielie-, sojaboon-, grondbone- en sonneblomprodusente is die beginsel deur die Hoofbesture van sowel NOPO as NAMPO aanvaar en dat die twee bedryfsorganisasies se aktiwiteite, met behoud van eie identiteit, gekoördineer sal word in die beste belang van produsente wat deur beide organisasies bedien word.*

*Die volgende funksies sal so spoedig moontlik geïntegreer word: Produksienavorsing, insetnavorsing, marknavorsing, algemene administrasie, lede-administrasie en skakeldienste.*

*Die ledebasis van NOPO en NAMPO sal egter afsonderlik bestuur word, omrede mielie- en oliesadeprodusente steeds 'n deel aan ledegelde sal moet bydra om die nuwe dienstestrukture te befonds. Beide mielie- en oliesadeprodusente sal dus deur ledegelde bydra tot die sukses van 'n nuwe NAMPO en NOPO. Deur samewerking word 'n duplikasie van dienste egter uitgeskakel en sal dienste voortaan kan fokus op werklike behoeftes van mielie- en oliesadeprodusente.*

NAMPO

NOPO

*Daar is ook besluit dat voortgegaan word met die rasionalisering van kantore, toerusting en personeel te Pretoria, en dat met die oog op die gebruik van raadsaalgeriewe in die ou Mielieraadgebou, voorkeur aan die verkryging van kantore in daardie gebou gegee sal word. Die NOPO-Hoofkantoor sal dus steeds in Pretoria gehuisves word.*

*'n Volledige besigheidsplan met kostestrukture sal tydens die komende kongresse van NOPO en NAMPO aan produsente vir goedkeuring voorgelê word."*

Beide Grobler en Pretorius het hul tevredenheid uitgespreek met die besluite wat deur die onderskeie Hoofbesture geneem is en die vertroue uitgespreek dat die nuwe bedeling daartoe sal lei dat 'n meer effektiewe en kostedoeltreffende diens aan produsente gelewer kan word.

## Besluitneming en mandate vir eenwording

Tydens die NOPO Kongres in Februarie 1998, is 'n mandaat aan die Hoofbestuur van NOPO verleen, om voort te gaan met samesprekings met NAMPO en ander bedryfsorganisasies, met die doel om 'n enkel-bedieningstruktuur vir graanprodusente te vestig. Die Dagbesture van NOPO en NAMPO het op 19 Augustus 1998 te Bothaville ontmoet, waartydens besin is oor sleutelelemente om die eenwordingsproses te laat slaag.

Die NOPO Dagbestuur is verteenwoordig deur:
- Mnr Gert Pretorius (Voorsitter)
- Mnr Lourie Bosman (Visevoorsitter)
- Mnr Adriaan Ferreira (Voorsitter: Grondbone)
- Mnr Jan Grobler (Voorsitter: Sonneblom)
- Mnr Frans Potgieter (Voorsitter: Sojabone)


Die NAMPO Voorsitterskomitee is verteenwoordig deur:
- Mnr Japie Grobler (Voorsitter: NAMPO)
- Mnr Bully Botma (Visevoorsitter: NAMPO)
- Mnr Neels Ferreira
- Mnr Jub Jubelius
- Mnr Kevin Starke
- Mnr WH van Zyl
- Mnr JA Barnard



**Die NAMPO Voorsitterskomitee afgeneem tydens die afsluitingskongres. Van links: mnre Japie Grobler, Jub Jubelius, Neels Ferreira, Kevin Starke, WH van Zyl, Apie Barnard en Bully Botma.**








**Vele grane maak ligte werk. Dié spotprent van 1998 spreek van eenwording van die onderskeie produsente-organisasies rakende grane en oliesade.**

Daar is bevestig dat beide die NOPO en die NAMPO Kongresse 'n mandaat verleen het om voort te gaan met 'n gesprek oor eenwording. Een van die eerste stappe in hierdie proses van eenwording was die integrasie van NAMPO en NOPO se tydskrifte vanaf Julie 1998. Daarna het slegs *Mielies/Maize* verskyn, met NOPO-nuus se insette wat daarin vervat was.

## Spesialisbediening

Vir die Dagbestuur van NOPO was dit noodsaaklik dat, binne die model van samewerking, die beginsel van spesialisbediening vir die onderskeie graangewasse behou word. In NAMPO se geval was die fokus slegs op wit- en geelmielies. Binne die NOPO verwysingsraamwerk is egter drie bedrywe, naamlik sonneblom, sojabone en grondbone, bedien.

Die Hoofbestuur van NOPO het besluit dat ewewigtige bediening vir al drie oliesade moet plaasvind. Die NOPO Kongres het ook die praktyk gevestig dat afsonderlike wegbreekgroepe vir sonneblom, sojabone en grondbone tydens die jaarlikse kongresse plaasvind, sodat bedryfspesifieke sake met fokus hanteer kon word. Vir NOPO was dit dus 'n kernelement van die gesprek oor eenwording dat oliesade steeds per gewas bedien sou word.

Binne die Grondwet wat uiteindelik deur Graan SA aanvaar is, is ook spesifiek voorsiening gemaak vir Spesialiswerkgroepe binne Graan SA en dat kundigheid in die Hoofbestuur gekoöpteer kon word, indien daar nie voldoende kundigheid vir 'n bedryfsektor onder verkose Hoofbestuurslede bestaan het nie.

## Aanwysiging van Stuurkomitee

Tydens 'n vergadering wat op 19 Augustus 1998 gehou is, het die Dagbesture van NAMPO en NOPO besluit dat 'n Stuurkomitee saamgestel word om die samevoeging van die twee organisasies en gevolglike stigting van 'n nuwe graanprodusente-organisasie te beplan en te rig. Die Stuurkomitee het bestaan uit mnre Japie Grobler, Gert Pretorius, Giel van Zyl en Nico Vermaak.

Benewens die aanstelling van die Stuurkomitee is besluit dat die proses van eenwording so gou as moontlik afgehandel en bekendgestel moet word. Daar is ook besluit dat voortgegaan word met beplanning om NAMPO en NOPO se besigheidsplanne te integreer en dat 'n deeglike ondersoek oor die finansiering van die eenwordingsproses gedoen moes word.

Van Zyl, NAMPO se Hoofbestuurder, sou as waarnemende Hoofbestuurder van die te stigte organisasie aangestel word. Hy is versoek om weer eens met die WPO en SPO in gesprek te tree oor hulle moontlike inskakeling by die beoogde nuwe produsente-organisasie.



## Ontmoeting tussen NAMPO en WPO

Op 21 September 1998 het die Dagbesture van NAMPO en die WPO te Bothaville vergader met die doel om samewerking tussen die verskillende akkerbouprodusente-organisasies te bespreek. Tydens die vergadering is konsensus bereik dat 'n proses van eenwording gevolg moet word ten einde uiteindelik slegs een produsente-organisasie vir akkerbouers in Suid-Afrika tot stand te bring. Mnre Andries Beyers en Nico Hawkins is deur die WPO benoem om op die Stuurkomitee te dien.

Tydens die vergadering is ook versoek dat gesprekke met die SPO aangeknoop moet word met die oog op hulle moontlike inskakeling by die proses. Voortspruitend uit die gesprekke wat Van Zyl daarna met die SPO gevoer het, het verteenwoordigers van daardie organisasie deelgeneem aan 'n beplanningsvergadering met die organisasies se Dagbesture op 17 November 1998 waartydens die Voorsitter van die SPO, mnr Pieter Morkel, bevestig het dat die SPO die eenwordingsproses ondersteun.

Op 17 November 1998 het die Dagbesture van NAMPO, NOPO, die WPO en die SPO in die NAMPO Raadsaal te Bothaville ontmoet. Dit was die eerste geleentheid waartydens die vier organisasies gesamentlik oor die proses van eenwording vergader het.

Tydens die vergadering is, onder andere, besluit dat die Stuurkomitee regsadvies moet inwin ten einde die finale konsepgrondwet van die nuwe organisasie voor te berei. Die finale datums vir die hou van die ontbindingskongresse van die onderskeie organisasies en die stigtingskongres van die nuwe organisasie sou in Januarie 1999 bepaal word. Intussen moes die integrasieproses van die onderskeie tydskrifte voortgaan.

Verskeie aanbevelings vir 'n naam van die nuwe organisasie is oorweeg, insluitende Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika (GPO), Nasionale Graanprodusente-organisasie (NAGPO) en Suid-Afrikaanse Graanprodusente-organisasie (SAGPO). Daar is egter besluit dat die benaming van die nuwe organisasie weer gedurende Januarie 1999 oorweeg sal word.

Van Zyl, benoemde Hoofbestuurder van die nuwe organisasie, het tuis aangesterk na 'n hartomleidingsoperasie en kon nie die vergadering bywoon nie.

## Stuurkomitee uitgebrei

Die Stuurkomitee is uitgebrei om verteenwoordigers van al vier die produsente-organisasies, NOPO, NAMPO, die SPO en WPO, in te sluit en het die eerste keer op 4 Desember 1998 vergader met die opdrag om die detail van die proses tot eenwording van die vier organisasies uit te dors. Spesifieke aandag moes gegee word aan sake soos die naam van die nuwe organisasie, die finalisering van die grondwet in samewerking met die prokureursfirma Hofmeyr Herbstein, spesialisbediening, lidmaatskap en die organisering van die afsluitings- en stigtingskongresse. Volgens 'n besluit is die onderskeie ontbindingskongresse vir 9 Junie 1999 beplan, met die stigtingskongres vir die nuwe organisasie wat op 10 Junie 1999 sou plaasvind.

Aanvanklik is aanbeveel dat die organisasie as die "Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika" bekend sal staan. Uiteindelik het die Stuurkomitee die volgende benaming, in voorkeur volgorde, aanbeveel:

- Graanprodusente-organisasie (GPO)
- Graan SA (GSA).

Die beginsel is aanvaar dat spesialisbediening vir elkeen van die onderskeie bedrywe binne die nuwe organisasie voortgesit moet word. Dit het reeds by die eerste kongres van die nuwe organisasie beslag gekry met die vorming van wegbreeksessies vir spesialiswerkgroepe, waartydens bedryfspesifieke sake bespreek is.

Aanbevelings is ook deur die Stuurkomitee gemaak oor die nuwe organisasie se regstatus, doelstellings, winsoogmerke, magte en bevoegdhede, gesagstrukture en die ligging van sy kantore. Die beginsel is aanvaar dat NAMPO die voertuig sou wees waardeur die nuwe organisasie sou funksioneer en dat die ander partye

Mnr Weyni Deysel, spotprenttekenaar vir meer as 23 jaar vir *Mielies/Maize* en later *SA Graan/Grain*, het die gees van eenwording in die graanbedryf skerp raakgevat in hierdie spotprent wat in November 1999 verskyn het. Mnre Pieter Morkel (SPO), Gert Pretorius (NOPO), Andries Beyers (WPO) en Japie Grobler (NAMPO) vat hande.




se bates te gelde gemaak en die opbrengs daarvan binne die nuwe organisasie aangewend sou word.

Gedurende die tydperk Januarie tot April 1999 het die besluitnemingstrukture van die onderskeie organisasies ingevolge hulle konstitusionele vereistes goedkeuring en finale mandate verleen dat met die eenwordingsproses voortgegaan kan word.

## STIGTING VAN GRAAN SA

### Stigtingskongres

Daar is besluit dat die stigtingskongres van die nuwe organisasie op 10 Junie 1999 gehou sou word. Dit sou voorafgegaan word deur die ontbindingskongresse van NAMPO, NOPO, die WPO en die SPO op 9 Junie 1999.

Kennis van die stigting van die nuwe organisasie is teen einde Maart 1999 aan al die lede van NAMPO, NOPO, die SPO en WPO gegee. Kennisgewings van die afsluitingskongresse van die vier organisasies is aan elke organisasies se eie lede gestuur. NAMPO en NOPO se afsluitingskongresse is by NAMPO Park naby Bothaville gehou en dié van die WPO en SPO te Pretoria.

Al die afgevaardigdes na die onderskeie organisasies se afsluitingskongresse was uitgenooi om die nuwe organisasie se stigtingskongres op 10 Junie 1999 as waarnemers by te woon. Elkeen van die organisasies het ook die geleentheid gehad om ʼn aantal eregaste en waarnemers te benoem wat daarheen uitgenooi is.



Mnr Peet van Zyl, wat as onafhanklike Voorsitter van die GPO se eerste kongres opgetree het totdat dit behoorlik gekonstitueer is en nuwe leierskap verkies is.

Die Kongres is saamgestel uit afgevaardigdes wat op ʼn streeksbasis benoem is, gebaseer op die produksiebasis van die onderskeie kommoditeite. ʼn Beginsel is ook aanvaar dat ʼn onafhanklike persoon sal optree om die verrigtinge tydens die stigtingskongres op 10 Junie 1999 te koördineer. Mnr Peet van Zyl van die prokureursfirma Hofmeyr Herbstein is daarna aangewys om as onafhanklike Voorsitter van die Kongres op te tree totdat die Kongres behoorlik gekonstitueer en ʼn Voorsitter en Ondervoorsitter vir die nuwe organisasie verkies is.

Die Stigtingskongres het, soos beplan, op 10 Junie 1999 by NAMPO Park plaasgevind.

Tydens die Kongres is die volgende ampsdraers verkies:

- Mnr Japie Grobler (onbestrede) – Voorsitter
- Mnr Bully Botma (na verkiesing) – Visevoorsitter

Vir die verkiesing van die Visevoorsitter, is drie nominasies ontvang, naamlik:

- Bully Botma (Voorheen NAMPO)
- Gert Pretorius (Voorheen NOPO)
- Andries Beyers (Voorheen WPO)

Botma is met 'n meerderheid van stemme as Visevoorsitter van die organisasie verkies. Die nuutverkose Voorsitter het daarna voortgegaan om die Kongres deur die proses van besluitneming te lei wat ingesluit het:

- Bevestiging van opdragte aan die Graanprodusente-organisasie
- Goedkeuring van die grondwet
- Herindeling van die streke
- Lidmaatskap
- Aanstelling van ouditeure

## GRAAN-GEBOORTE VOL PYN EN VREUGDE!

*Soos ek dit sien-rubriek oftewel "Manie" (Landbouweekblad, 26 Junie 1999)*

'n Klassieke kraamgeval: Pyn aan die een kant, maar ook vreugde oor die aankoms van 'n fris baba aan die ander kant. Dis min of meer hoe 'n mens nou die dag se geboorte van die nuwe Nasionale Graanprodusente-organisasie (NGO) kan beskryf.

Vreemd genoeg het Manie so tussendeur die "afskeide en die inskeide"' van oud en nuut in die graanbedryf sit en dink aan een van Siener van Rensburg se voorspellings – daardie een van die swart kryger wat opstaan en wie se skaduwee uiteindelik oor die hele land val.

'n Mens moet jou lyf liefs uit voorspellings hou, maar mag hierdie jong reus wat vandeesmaand op die Oesdagplaas sy kop gelig het, vorentoe ook van noord tot suid spore trap en skaduwees gooi wat die Suid-Afrikaanse landboubedryf nog nie gesien het nie. Spore wat hopelik tot dieper in Afrika sal strek en in die hoogste raadsale van die land nie langer misgekyk sal kan word nie.

Die ontbindingskongresse van die WPO, NOPO, die SPO en NAMPO was dik van nostalgie en heimwee – veral dié van NAMPO. So dik dat Japie Grobler, 'n man wat normaalweg uit die heup kan skiet met woorde, plek-plek sy laaste toespraak as NAMPO-voorsitter moes onderbreek en hard op die onderlip moes byt om die emosie in toom te hou.

Hy't dit mooi opgesom: Dis soos wanneer jou eersgeborene tegelykertyd 'n besonderse prestasie behaal, daarmee saam mondig word, wil trou en sommer ook die land wil verlaat. Enersyds bars jy van trots as ouer, maar andersyds lê die hartseer van afskeid baie vlak en rou.

Daar is hulde gebring aan die "ou ysters"' van NAMPO: Die Claassens, die Von Abo's, die De Jagers. Maar die lig is ook laat skyn op die mense in die enjinkamer, manne soos Giel van Zyl, deesdae glo mnr Mielie oom Gielie, eksentriek en bedonnerd, in Bully Botma se woorde, en Kit le Clus, so ingewikkeld soos tien, maar mense enig in hul klas.

Die gastelys was amper 'n Wie's Wie van die SA landbou: Oud-minister Greyling Wentzel het kostelik vertel hoe die Groot Krokodil hom destyds Bothaville toe gestuur het om 'n rammetjie-uitnek NAMPO in die bek te ruk, net om tweede te kom en uiteintlik hand om die nek met NAMPO daar weg te stap. Kassier was daar om sy ere-sertifikaat te kry, en omtrent al wat 'n navorser en insetverskaffer in die graanbedryf is, het saam paartie kom hou. Ook die opkomende landbou het in volle glorie kom meedoen, met vertaaldiens die lot vir diegene wat nie Afrikaans verstaan nie.

Ou vriende wat nie daar kon wees nie, het gelukwense gestuur aan die nuwe bul. Die laaste DG van landbou, dr Frans van der Merwe, het van Kleinmond



**'n Buffet van hoogstaande gehalte het die stempel op 'n grootse gebeurtenis geplaas.**



**Vyfster! NAMPO se laaste kongres is met 'n pragfunksie afgesluit toe hooggeplaastes van produsente van oor die hele graanspektrum en insetverskaffers saam met hul gesmul het.**



**Die leierboere wat aan die voorpunt van eenwording gestaan het. Van links: Mnre Andries Beyers, Gert Pretorius, Peet le Roux van Zyl (NAMPO se regsadviseur), Japie Grobler en Pieter Morkel.**




**Die manne wat verkose is om aan die roer te staan van die nuwe Graanprodusente-organisasie van Suid-Afrika. Van links: Mnre Giel van Zyl (Hoofbestuurder), Japie Grobler (Voorsitter) en Bully Botma (Visevoorsitter).**




**Die eerste Voorsitter van Graan SA, mnr Japie Grobler, pryk by die organisasie se goedgekeurde logo in April 2000.**

laat weet sy bede is dat hierdie regering vinnig tot sy sinne kom en besef Suid-Afrika is 'n skynende lig in donker Afrika omdat hy oor 'n wonderlike landbousektor beskik.

Ernesto Chicucuma, Voorsitter van NAMPO se eweknie in Angola, se brief het dit bevestig: Sê asseblief hardop aan jul kongres ons wil jul vriende wees en met julle saamwerk. Sonder 'n gesonde landbou kán Afrika nie groei nie.

Ja, só ver loop die legende van Suid-Afrikaanse landbouers reeds in Afrika.

En toe die groot paartie die aand – kompleet met Suid-Afrika se weergawe van Vanessa Maye, 'n blondekop uit die Goudstad wat die uitgelese gaste in die Fanie Ferreira-saal so vrolik opgesweep het dat Bully Botma later instinktief op die tafel begin klavier speel het. Regtig 'n voortreflike affêre.

Nou wag die groot uitdaging: Om die verskillende perde saam aan hierdie graanwa te laat trek.

Terwyl by dié punt: Manie weet NAMPO was van die begin af die amalgamasievoertuig vir eenwording en Japie Grobler was die logiese keuse vir Voorsitter, maar sou dit nie raadsaam gewees het om vooraf bietjie te koukus en as welwillendheidsgebaar te sorg dat een van die ander graanleiers minstens tweede in bevel was nie?

Verstaan my baie mooi. Dit gaan hoegenaamd nie oor Bully Botma as sulks nie. Manie het vir hom as mens en leier baie groot agting. Boonop het hy hom nie self tot Ondervoorsitter verkies nie. Dit was `n demokratiese besluit, en 'n volstrekte meerderheidseen daarby. Maar sou byvoorbeeld. 'n koringman in die tweede posisie nie net 'n soveel sterker boodskap van eenheid en koalisie uitgestuur het nie?

Ewenwel, Manie het g'n twyfel dat die nuwe bestuur hul arms stompies sal werk om aan elke bedryf sy plekkie in die son te gun en hulle as span in belang van graanboere te laat voortstoom nie.

Die kundigheid, geesdrif en mensemateriaal is daar. Die geloof is daar – daarvan getuig die herhaaldelike verwysings na produsente se afhanklikheid van die Groot Saaier.

Die leierskap om die NGO wydsbeen oor Suidelike Afrika te laat staan, is daar. Met 'n immer positiewe Japie Grobler aan die stuur gaan hierdie baba hopelik loop nog voor hy kan kruip, bulder nog voor hy kan praat.

Voorspoed, vrinne! Landbouweekblad druk graag saam in dié nuwe oond.

Terloops, as Manie reg verstaan, gaan die benaming Nasionale Graanprodusente-organisasie (NGO) tydelik geld tot die NGO se eerste volwaardige kongres, waarna weer oor 'n naam besin sal word. Wat van Graan SA – veral as ons voortaan ook ons invloed oor die landsgrense wil laat geld? Voorstelle asseblief!

## VERKIESING VAN HOOFBESTUUR

Die volgende persone is deur Kongres as lede van die Hoofbestuur verkies, naamlik:

- Streek 1: KA Starke
- Streek 2: JA du Plessis
- Streek 3: JA Barnard
- Streek 4: FJH Pretorius
- Streek 5: DJN Mathews
- Streek 6: PJA Meiring
- Streek 7: H Otto



**Die eerste gekose hoofbestuur van die GPO tydens die stigtingskongres op 10 Junie 1999 op NAMPO Park.**



**Mnr Jan Theron**



**Mnr Andries Beyers**



**Mnr Frans Potgieter**



**Mnr Pieter Morkel**

- Streek 8: VD Mouton
- Streek 9: AJ Cronje
- Streek 10: GL Roos
- Streek 11: CCC Arnoldi
- Streek 12: PJ Schoeman
- Streek 13: CK Ferreira
- Streek 14: JJ Blofield
- Streek 15: JF Oosthuizen
- Streek 16: DCK Serfontein
- Streek 17: PJ Pretorius
- Streek 18: H Claasen
- Streek 19: PJ Scott
- Streek 20: HP Ferreira
- Streek 21: WH van Zyl
- Streek 22: LL Jubelius
- Streek 23: H Venter
- Streek 24: AJ Hoffman
- Streek 25: L Steytler

Uit die Hoofbestuur is ŉ Dagbestuur saamgestel wat getaak was met finansiële en personeelaangeleenthede, asook ander take soos deur die Hoofbestuur aan hulle opgedra.

## Spesialisbediening

Die volgende persone is deur Kongres verkies, om vir 'n termyn van twee jaar as spesialiste in die Hoofbestuur te dien, naamlik:

- Grondbone: JH Theron
- Koring: A Beyers
- Sojabone: FAS Potgieter
- Sorghum: PW Morkel
- Sonneblom: GJ Pretorius
- Wes-Kaap Koringprodusente: WT Myburg
- Suidelike Opkomende Landbou: Welcome Ngxekana
- Noordelike Opkomende Landbou: Basie Ntsimane



**Mnr Gert Pretorius**



**Mnr WT Myburg**



**Mnr Welcome Ngxekana**



**Mnr Basie Nstimane**

## Wegbreeksessies

Die Kongres het ook in wegbreeksessies vir die onderskeie kommoditeite verdeel.

Tydens hierdie geleentheid, is persone deur die onderskeie wegbreekgroepe op 'n ranglys genomineer, as kundiges vir die onderskeie bedrywe. Waar nodig, is hierdie persone daarna in van die Spesialiswerkgroepe gekoöpteer.

## Eenheid

Een van die vele voordele wat die stigting van Graan SA ingehou het, was dat al die graanprodusente in Suid-Afrika daarna deur een organisasie verteenwoordig is. Dit was veral belangrik met skakeling en onderhandelings met die Regering, omdat dit 'n eenheidsfront namens al die graan- en oliesadeprodusente met die Regering geskep het.

Deur die eenwording is kundigheid wat oor baie jare in die leierskorps en personeel opgebou is, in een organisasie saamgevoeg met ooglopende voordele. Verskillende bedieningstrukture is saamgevoeg tot voordeel van al die lede, byvoorbeeld die tydskrifte, NAMPO Oesdag, makelaarsdiens en verskaffing van markinligting.

Eenwording het op grondvlak ook bygedra tot die ontwikkeling van 'n eenheidsgevoel onder produsente oor die verskillende graansoorte se grense heen.

## Identiteit

### *Versoek vir naamsverandering deur Hoofbestuur*

Tydens die vergadering van die nuwe Hoofbestuur op 19 Augustus 1999, is debat gevoer oor die benaming van die "Graanprodusente-organisasie".

In die betrokke notule word aangehaal dat mnr Kevin Starke vermeld het dat die naam GPO "hom nie lekker op die oor val nie". Hy het versoek dat alternatiewe oorweeg word.

Op voorstel van mnr Andries Beyers en gesekondeer deur Starke, is besluit dat die naam "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" met die afkorting "GSA" as nuwe naam aanvaar word. Daar is versoek dat 'n voorstel in hierdie verband aan die Kongres in 2000 voorgelê sal word.

Tydens 'n opvolgende vergadering van die Hoofbestuur op 21 Oktober 1999, het Van Zyl gerapporteer dat die benaming "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" en die afkorting "GSA", wel beskikbaar is en as handelsmerk vir die nuwe organisasie geregistreer kan word.

Terugvoer is ook gebied dat die naam "*SA Graan/Grain*" vir die tydskrif geregistreer is en dat 'n nuwe mashoof vir die blad ontwikkel word. Die nuwe mashoof vir die tydskrif is op 1 Januarie 2000 in gebruik geneem.

### *Kongresbesluit: Aanvaarding van "Graan Suid-Afrika/ Grain South Africa" as nuwe benaming*

Die Kongres is op 8 Maart 2000 meegedeel dat die Hoofbestuur 'n besluit oor die naam van die organisasie moes neem.

Me Milanie Vosloo, die Besturende Direkteur van Ad-UPPE Advertising, het die nuwe korporatiewe identiteit en logo vir "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" aan die Kongres bekendgestel.

Uit die Kongresnotule, blyk dit dat die Kongres besluit het om die naam "Graan Suid-Afrika/Grain South Africa" te "ratifiseer" en die stappe soos reeds deur die Hoofbestuur geneem is om handelsmerke ter beskerming van die naam te verkry, te "kondoneer".

Die Kongres het ook die korporatiewe identiteit en logo vir Graan SA, goedgekeur.

Daarmee was die proses vir die oorgang en vestiging van die nuwe graanbedryfsorganisasie bekend as "Graan SA", afgehandel. 'n Eie logo vir die *SA Graan/Grain*-tydskrif is ook in die vroeë 2000's deur Uppe Marketing ontwerp.



Mnr Giel van Zyl



Dr Kit le Clus



Mnr Fanie Brink

GSA
GRAAN SUID-AFRIKA
GRAIN SOUTH AFRICA

## GRAAN SA-LOGO – KREATIEWE VERDUIDELIKING

Die kleure groen, bruin en geel is gebruik om die grond (bruin), groei (groen) en die son (geel) uit te beeld. Die logo is in die vorm van 'n gerf, maar dit stel ook landerye voor met die son wat daarop skyn – en bydra tot groei en voortbestaan. Die twee "skutblare" aan die bokant verteenwoordig die oorsprong (saad) van die plant, wat oopbreek en 'n nuwe plant (groei) voortbring. Die son wat oor die landerye opkom, skep die illusie van hoop, groei en vooruitgang.

Die tweede vlak van simboliek beeld waardes uit waarop Graan SA gebou is. So bevestig die verskillende kleure van die "landerye" dat hierdie organisasies daar is om die graanprodusent op verskillende vlakke te ondersteun. Die son en vrye beweging van die logo-ontwerp dui daarop dat Graan SA gefokus is op die volhoubare voortbestaan van die graanprodusent en landbou in Suid-Afrika.

## Administrasie

NAMPO se bestaande strukture is deur die GPO aangewend en NAMPO se kantore te Bothaville het as die hoofkantoor daarvan gedien, met 'n aanvanklike satellietkantoor in Pretoria.

Mnre Nico Vermaak (voormalige Hoofbestuurder van NOPO) en Nico Hawkins (voormalige Hoofbestuurder van die WPO) is ook in die struktuur van die GPO opgeneem en het na die hoofkantoor te Bothaville verskuif, terwyl mnr Johan Swarts, Bestuurder van die SPO, diens in die satellietkantoor in Pretoria aanvaar het.

Van Zyl is as die eerste Hoofbestuurder van die GPO aangestel. Teen April 2000 het sy bestuurspan uit die volgende persone bestaan:

- Dr Kit le Clus (Navorsing en Ontwikkeling)
- Mnr Fanie Brink (Bedryfsbediening)
- Mnr Johan Loxton (Kommersiële Ondernemings)
- Mnr Nico Vermaak (Bestuurder Administrasie)
- Me Rita de Swardt (Rekenmeester)



**Mnr Johan Loxton**



**Mnr Nico Vermaak**



**Me Rita de Swardt**

Ten tyde van sy aftrede met pensioen in 2001 was die nuwe graanbedryfsorganisasie, Graan SA, organisatories gevestig met gesonde administratiewe en finansiële beheer in plek en gereed om die uitdagings van die bevordering van produsentebelange in 'n onsekere toekoms na te streef.

Graan SA se Hoofbestuurderspos is sedert 2001 deur die volgende persone beklee:

| | |
|---|---|
| Mnr Steve Shone | 2001 - 2005 |
| Dr John Purchase | 2005 - 2007 |
| Dr Kobus Laubscher | 2008 - 2011 |
| Mnr Jannie de Villiers | 2011 - 2016 |

De Villiers se uitvoerende bestuurspan teen Julie 2016 was soos volg:

| **Bestuurslid** | **Portefeulje** |
|---|---|
| Dr Dirk Strydom | Bestuurder: Graanekonomie en Bemarking |
| Dr Marinda Visser | Bestuurder: Graannavorsing en Beleidsentrum |
| Mnr Nico Vermaak | Bestuurder: Korporatiewe Dienste |
| Me Jane McPherson | Bestuurder: Ontwikkelende Landbouprogram |
| Me Christa Herbst | Bestuurder: Finansiële Dienste |

## BEFONDSING

Graan SA se inkomste vir befondsing van sy aktiwiteite was aanvanklik hoofsaaklik afkomstig van ledegelde en die opbrengs uit die NAMPO Oesdag, met enkele ander diverse bronne, soos advertensie-inkomste van die tydskrif, *Mielies/Maize* (later *SA Graan/Grain*). Die opbrengs uit 'n belegging wat in NAMPO se tyd gemaak is, het tot die totale finansieringspoel bygedra. Die bates en reserwes van NOPO, die WPO en SPO is ook te gelde gemaak en aan die nuwe organisasie oorbetaal.

Befondsing vir navorsingsprojekte is grotendeels verkry vanaf die graantrusts wat na die afskaffing van die beheerrade geskep is. Dit het 'n groot bydrae tot die befondsing van Graan SA se werksaamhede, veral ten opsigte van ontwikkelende landbou, gemaak. Die graantrusts het die befondsing mettertyd begin afskaal tot die mate dat Graan SA se oorblywende inkomste nie meer voldoende was vir die organisasie se behoeftes nie.

Die organisasie was dus verplig om ander bronne van finansiering te verkry, as gevolg waarvan 'n vrywillige heffing op graanlewerings vanaf Oktober 2002 ingestel is. Dit het behels dat produsente wat lede van Graan SA was, 'n heffing van R2,00/ton op graan deur hulle gelewer, aan Graan SA afgestaan het. Dit was 'n vrywillige heffing wat deur vorderingsagente, synde die maatskappye waar graan gelewer word, verhaal en aan Graan SA oorbetaal is. Die lede kon ook die heffing direk aan Graan SA oorbetaal, soos in gevalle waar graan verkoop word aan 'n party wat nie as 'n vorderingsagent aangestel is nie.

Vanaf 2015 is die standaard vrywillige heffing vervang met gedifferensieerde vrywillige heffings wat wissel van R2,50/ton vir mielies en sorghum tot R10,00/ton vir grondbone.

Die heffingsfondse wat op hierdie wyse ingevorder word, word hoofsaaklik vir die befondsing van bedryfsbedieningsaksies, navorsing en bemarking aangewend. Graan SA is egter steeds in 'n proses om aan volhoubare finansiering en die verhoging van die persentasie heffingbetalers aandag te gee. Intussen behou Graan SA sy outonomiteit aangesien dit 'n vrywillige organisasie is wat homself befonds. Tans sorg die heffinginkomste vir sowat 'n derde van die totale inkomste – die res word verkry uit die NAMPO Oesdag, *SA Graan/Grain*, beleggings en trusts.



**Mnr Pietman Lourens, die eerste Voorsitter van Graan SA se Ouditkomitee sedert die stigting daarvan in 2004.**



**Mnr Fanie van Zyl, Graan SA se Ouditkomiteevoorsitter sedert 2006.**

## PERSONEEL-BROKKIES

- **Me Rita de Swardt** was 'n werknemer van SAMPI, NAMPO én van Graan SA en het in 2002 as Rekenmeester afgetree na 28 jaar diens as 'n amptenaar in die graanbedryf.
- **Dr Kit le Clus** (wat in 2013 oorlede is) sal onthou word vir sy ywer en kundigheid om, na die afskaffing van die bemarkingsrade in 1997, 'n landboutermynmark in Suid-Afrika op die been te bring. In georganiseerde landboukringe word hy geëer vir sy versiendheid wat Suid-Afrika se graanbedryf deur radikale aanpassings oor jare staande gehou het en internasionaal mededingend help maak het. Na sy aftrede het hy steeds waardevolle insette in die graanbedryf gelewer en as dosent aan die Universiteit van die Vrystaat sy kennis en passie vir ekonomie met studente gedeel.

## GRAAN SA SE INVORDERINGSAGENTE VIR VRYWILLIGE HEFFING

Graan SA het groot waardering vir die ondersteuning van sy invorderingsagente. Teen 2015 het die agente die volgende maatskappye ingesluit (teenoorstaande bladsy).

Die aanwending van die heffingsfondse word jaarliks deur die Graan SA Kongres goedgekeur. Aanvanklik is 'n gedeelte ook toegewys vir die skep van 'n regshulpfonds met die oog op moontlike regsaksies.

Volledige besonderhede van Graan SA se inkomstes en uitgawes en die stand van die organisasie se finansiële posisie kan verkry word uit die jaarverslae wat op Graan SA se webtuiste, *www.grainsa.co.za*, gepubliseer is.

## KORPORATIEWE BESTUUR

Graan SA het vanaf sy ontstaan jaarliks befondsing vanaf die Mielietrust en die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust (OPOT) ontvang, vir die finansiering van spesifieke projekte. In terme van die trustaktes, moes fondse vanaf die Mielietrust slegs vir die mieliebedryf aangewend word en net so moes die bydraes vanaf die ander trusts aangewend word vir die bedryf waaruit dit afkomstig was. Sekere voorgeskrewe verslae wat uiteensit hoe die fondse aangewend is, moes dan deur Graan SA ingedien word. Interim- en jaarverslae is aan die Mielietrust en OPOT voorberei en deurgegee.

Die Mielietrust het 'n praktyk gevestig om die begunstigdes van trustfondse te besoek ten einde eerstehandse inligting te verkry oor die vordering met projekte. Graan SA was een van die begunstigdes wat in die proses besoek is. In 2005 het die Mielietrust tydens so 'n besoek aangedring op bewyse vir die uitgawes wat in die verslae aan die Mielietrust ingesluit was. Daar was kommer dat nie alle projekuitgawes mielie-spesifiek vir goedgekeurde projekte aangewend is nie, waarna die Trust aangedring het op 'n forensiese oudit. Die finale forensiese ouditverslag is op 21 Junie 2005 uitgereik. Voortspruitend daaruit het Graan SA bykans R10 miljoen aan die Mielietrust terugbetaal ten opsigte van uitgawes wat nie mieliespesifiek aangewend is nie.

Die rekords met betrekking tot bydraes deur OPOT is ook forensies ondersoek en die verslag is deur Deloitte op 30 Maart 2006 vrygestel.

Die ouditverslag het geen melding van bedrog gemaak nie, maar het spesifieke leemtes met betrekking tot verslagdoening oor sekere boekjare uitgewys. Om die dispuut op te los, het Graan SA vir die boekjare 2002/2003, 2003/2004 en 2004/2005 aanbeveel dat van 'n toedelingsmetodiek gebruik gemaak word, met 'n analise van projekte wat wel in praktyk uitvoering gevind het. Hierdie betrokke projekte is ondersteun met stawende dokumentasie.

Die ouditeure (Deloitte) het met redelike detail met die aanbevelings in hul verslag gehandel, maar nie 'n bevinding daaroor gemaak nie. Die ouditeure het wel in hul verslag standpunt ingeneem dat die Graan SA-voorstel 'n moontlike oplossing bied.

Op 12 Mei 2006 het die Oliesade Advieskomitee 'n aanbod aan Graan SA gemaak vir 'n bedrag van R500 000 – ex gratia as volle en finale betaling van dienste deur Graan SA vir die betrokke boekjare gelewer. Verdere gesprekke tussen Graan SA en die Oliesade Advieskomitee is gevoer, waarna die aanbod aanvaar is om die saak af te handel.

Nuwe projekte is daarna deur die Advieskomitee en OPOT goedgekeur en het verslagdoening daarna voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van die Advieskomitee en OPOT.

Hierdie gebeure het binne die geledere van Graan SA die aandag gevestig op die hersiening van korporatiewe beheer binne die organisasie. Dit was nodig dat die nodige prosedure en beleid vir die bestuur van Graan SA in plek gestel word. PricewaterhouseCoopers het Graan SA met hierdie proses ondersteun. In navolging van die beginsels van die King-verslae oor korporatiewe bestuur, het Graan SA in Augustus 2004 'n Ouditkomitee aangestel. Die eerste Voorsitter van

# GRAAN SA SE INVORDERINGSAGENTE VIR VRYWILLIGE HEFFING

Amandel Graan

AB

AFGRI

bester

BKB GrainCo.

Botselo Mills

JVEA

FARMSECURE – Sustainability and profitability in agriculture

F.S Peanuts

Frans Minnaar

Golden Peanut Company

Gritco

GWK – innovate agriculture

KAAP AGRI

Lemacor Peanuts

MKB – Jou Lewensaar

Môreson Farm Eggs

noble resources – A member of the Noble Group

nu-pro

ntk

NWK

Overberg Agri

OVK – CMW

PANNAR

PERDIGON

pimankus – Agriculture Consulting & Trading

Puma Graan Bemarkers CC

QUALITÁ SEEDS

RANDAGRI

Rhys Evans Group

Roba – Peanuts & Stapel Food Suppliers

Schoeman Boerdery

Senwes

silostrat Trader

SOILL – Southern Oil (Pty) Ltd

SSK – Sentraal-Suid Koöperasie • Co-operative Bpk • Ltd

SUIDWES – Die Eerste Keuse

TWK agri

Unigrain Trading

VGM – Vaalharts Groundnuts Marketing cc

vkb – Landbou (Edms.) Bpk.

vm

WKG – Weskaap Graanprodusente (Edms) Bpk

die Ouditkomitee was mnr Pietman Lourens. Hy is in Augustus 2006 deur mnr Fanie van Zyl opgevolg, wat in 2016 steeds die posisie beklee het.

'n Aksie is geneem vir die vestiging van goeie korporatiewe bestuurpraktyke en toepaslike beleide waarvolgens Graan SA bestuur moes word. Deursigtige beleggingsbesluite en behoorlike rekeningkundige verantwoording is gevestig. Die aanstellingsproses van die ouditeure is op aanbeveling van die Ouditkomitee verander en verskillende ouditeure is versoek om voorleggings aan Graan SA te maak. Voortspruitend daaruit is PWC vanaf 2007 as Graan SA se ouditeure aangestel.

Die forensiese oudit en die regstellende stappe wat Graan SA daarna gedoen het, het ook op die terrein van ontwikkelende landbou 'n belangrike invloed gehad, aangesien baie van Graan SA se ontwikkelende landbou-projekte deur die Mielietrust gefinansier is. Die Mielietrust het, as gevolg van die omstandighede wat tot die forensiese oudit aanleiding gegee het, dit oorweeg om die finansiële bystand aan Graan SA te staak. Dit sou Graan SA se ontwikkelende landbou-projekte op risiko geplaas het.

Die Mielietrust het uiteindelik besluit om Graan SA die geleentheid te bied om sy huis in orde te kry. Dít het Graan SA met onderskeiding vermag en die maatreëls, programme en beleide wat op daardie stadium ingestel is, vorm vandag nog die basis van Graan SA se bestuurspraktyke.

Graan SA as organisasie ontvang jaarliks 'n ongekwalifiseerde oudit en die feitelike bevindings van die Mielietrust en ander trusts ten opsigte van befondsing is in orde. Die Ontwikkelende Landbou-afdeling se deelname aan die Regering se herkapitaliseringsprogram sedert 2013 het gespreek van deurtastende geloofwaardigheid en kundigheid en is bevestig deur 'n ongekwalifiseerde oudit wat deur die Ouditeur-generaal ten opsigte van die projek uitgereik is.

## NAVORSING

Graan SA beskou behoeftegedrewe gewasnavorsing wat daarop gemik is om Suid-Afrikaanse landbou mededingend met die res van die wêreld te hou as van uiterste belang. Daarom word besondere aandag aan die bepaling van produsente se behoeftes gegee en toegesien dat programme van navorsingsinstansies dit aanspreek.

Graan SA ondersteun die benadering dat navorsing daarop gerig moet wees om die langtermynvolhoubaarheid van graanproduksie te bevorder. Dit behels al die fasette van graanverbouing, van produksienavorsing en navorsing oor insette, soos saad, kunsmis, brandstof, chemikalieë en meganisasie, tot marknavorsing, die verskaffing van graanmarkinligting, bewaringslandbou en selfs datawetenskap.

Inligting verkry uit navorsingsresultate word verwerk en aan produsente en ander belangegroepe beskikbaar gestel. Dit dek alle aspekte van graanproduksie, wat deur spesialiswerkgroepe gekoördineer word ten einde te verseker dat produsente behoorlik ingelig is oor die nuutste ontwikkelings. Verteenwoordigers van die Graan SA Werkgroepe dien ook in die onderskeie Advieskomitees van die Graan- en Olie-sadetrusts om navorsingbehoeftes van produsente te ondersteun. Die Landbou Navorsingsraad (LNR) se Instituut vir Graangewasse en Kleingraaninstituut het oor jare 'n waardevolle bydrae tot navorsing aan graanprodusente gelewer.

Die *SA Graan/Grain* tydskrif, word as medium gebruik om navorsingsresultate aan produsente uit te dra.

Graan SA het oor 'n lang tyd daarin geslaag om goeie verhoudings met navorsers en die betrokke staatsdepartemente (Landbou, Bosbou en Visserye; Wetenskap en Tegnologie; en Handel en Nywerheid) op te bou. Op hierdie wyse word gepoog om gesamentlike navorsingsprogramme te identifiseer en te ontwikkel, samewerkingsverhoudings te vestig en tegnologie-oordrag te bevorder. Hierdie benadering word ten opsigte van al die bedrywe gevolg, wat beteken dat Graan SA deurlopend by 'n groot aantal navorsingsaksies betrokke is. Sodoende word geleenthede geskep vir die verspreiding en publikasie van die resultate en inligting, sodat dit ook vir die produsent van waarde kan wees.

Die kerndoel van Graan SA is om produsente se produktiwiteit te verhoog en om objektiewe, intydse inligting te verskaf. Om meer verantwoordelikheid te neem









**Dr Marinda Visser, Bestuurder: Graannavorsing en Beleidsentrum, Graan SA.**

vir die rigting waarin navorsing gaan en hoe navorsingsfondse aangewend word, sluit hierby aan en verseker die relevantheid daarvan op plaasvlak. Graanspesifieke navorsing word dus tans gediversifiseer ten einde dit oor die spektrum van die bedryf te integreer.

As navorsingskundige is dr Marinda Visser, Bestuurder: Graannavorsing en Beleidsentrum van Graan SA, besig om die bedryf se navorsing in 'n nuwe rigting te stuur en selfs op streeksvlak te koördineer deur Suid-Afrika te verteenwoordig op die SADC navorsingsprioriteitskomitee. Die sleutelpunte van Graan SA se navorsings- en ontwikkelingsprogram wat in 2016 aanvaar is, is soos volg:

- Ontwikkeling van gesamentlike navorsingsprogramme soos geïdentifiseer.
- Ontwikkeling van konsortiums en vennootskappe by verskeie instellings, wat virtueel ontmoet en saamwerk.
- Skakeling van verskeie tegnologie-gedrewe inisiatiewe met toepaslike tegnologie-oordrag.

## BETROKKENHEID BY AKTUELE SAKE SEDERT VESTIGING

### GMO-gewasse

Die Wet op Geneties Gemodifiseerde Organismes, 1997 (Wet 15 van 1997) het op 1 Desember 1999 in werking getree en het ten doel om te verseker dat alle aktiwiteite met betrekking tot geneties gemodifiseerde organismes (GMO's) op so 'n wyse uitgevoer word dat die moontlike nadelige gevolge vir die omgewing en menslike en dieregesondheid beperk word. Die Wet maak voorsiening vir die aanstelling van 'n Registrateur en twee regulerende liggame, naamlik 'n Advieskomitee en die Uitvoerende Raad, sowel as inspekteurs, ten einde uitvoering aan die doelstellings van die Wet te gee.

Suid-Afrika is reeds sedert 2003 'n party tot die *Cartagena Biosafety Protocol*, 'n internasionale, regtens bindende stel reëls wat op die vervoer en hantering van lewende gemodifiseerde organismes van toepassing is. Die volledige *Cartagena Biosafety Protocol* is in 2006 as 'n aanhangsel by die GMO-wet ingesluit, ongelukkig sonder duidelike riglyne oor hoe dit in die Suid-Afrikaanse reg geïnterpreteer moet word.

In beginsel ondersteun Graan SA alle tegnologiese ontwikkeling wat die effektiwiteit en mededingendheid van Suid-Afrika se graanbedryf kan verbeter mits dit nie mense, diere of die omgewing benadeel nie. Die aanwending van GMO's kan aansienlik bydra tot 'n winsgewende en volhoubare landbousektor in Suid-Afrika wat internasionaal mededingend is. Die potensiële risiko's wat dit vir menslike sowel as dieregesondheid kan inhou, moet egter deeglik oorweeg word.

Daarom is die daarstelling van betroubare en effektiewe veiligheidsmaatreëls kritiek belangrik om die voordele van die moderne biotegnologie maksimaal te kan benut, maar terselfdertyd die risiko's daarvan tot die minimum te beperk. Graan SA is van mening dat 'n statutêre beheerstelsel slegs kan slaag indien dit effektief gepolisieer kan word. Aangesien Graan SA bedenkinge oor die laasgenoemde aspek het, staan dit 'n nie-statutêre beheerstelsel voor, wat deur die bedryf ontwikkel en bestuur word.

Die gebruik van GMO's in Suid-Afrika is inderdaad onderhewig aan maatreëls in die Wet en die regulasies wat daarkragtens uitgevaardig is, waardeur die verantwoordelike ontwikkeling, produksie, gebruik en aanwending van GMO's bevorder en gereguleer word. Ingevolge die wetgewing moet vrywaring vir die gebruik van GMO's vooraf verkry word, by gebreke waaraan dit ontoelaatbaar in Suid-Afrika is.

Daar bestaan twee tipes vrywaring, naamlik 'n algemene vrywaring en 'n kommoditeitsklaring.

Wanneer 'n algemene vrywaring verleen word, beteken dit in die graanbedryf dat GMO-saad ingevoer mag word, dat saadmaatskappye dit mag bemark en dat dit aangeplant mag word. Die meerderheid van die mielies en sojabone wat in Suid-Afrika verbou word, is op een of ander wyse geneties aangepas. Genetiese gemanipuleerde gewasse in Suid-Afrika – mielies, sojabone en katoen – het óf weerstand teen insekte óf verdraagsaamheid teen 'n wye verskeidenheid chemiese onkruiddoders, of albei.



'n Kommoditeitsklaring, daarenteen, magtig die gebruik van die betrokke GMO-produk, byvoorbeeld as voedsel of voer, maar dit mag nie aangeplant word nie. Dit is ook die vrystelling wat groot rolspelers in oorsese markte probeer gebruik om goedkeuring vir die verspreiding van hulle GMO-produkte in Suid-Afrika te verkry. Daardie rolspelers het 'n bepaalde voordeel bo Suid-Afrika deurdat hulle eerste toegang tot die nuutste tegnologie verkry.



Graan SA se standpunt is dat die invoer van GMO wat nie vir aanplanting in Suid-Afrika bedoel is nie, teengestaan moet word, omdat dit Suid-Afrikaanse produsente in 'n onmededingende posisie plaas. Gevolglik is die organisasie se standpunt dat GMO-produkte slegs volgens die algemene vrystelling ingevoer moet word.

Dit is egter nie altyd suksesvol nie, soos bewys deur 'n onlangse geval in Desember 2015 waarby die *Animal Feed Manufacturers Association* (AFMA) betrokke was. AFMA het aansoek gedoen vir kommoditeitsklaring ten einde GMO-mielies van die nuutste tegnologie wat in Amerika vrygestel is, in te voer as gevolg van die tekort aan mielies in Suid-Afrika, terwyl hulle op daardie stadium GMO-vrye mielies vanaf die Oekraïne kon invoer. AFMA se aansoek om 'n kommoditeitsklaring om die mielies vanaf Amerika in te voer, is ten spyte van Graan SA se teenstand goedgekeur.

Daarna het Graan SA weer met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye in gesprek getree ten einde voorwaardes daar te stel waaraan 'n invoerder moet voldoen voordat kommoditeitsklaring verleen mag word. Graan SA het ook met die Departement van Handel en Nywerheid geskakel vir ondersteuning, aangesien dié departement se beleid voorsiening maak vir invoervervanging en boonop ongewenste invoere wil verhoed.

Die bestuur van 'n GMO-beleid is 'n komplekse probleem wat ook 'n impak op die bestuur en veiligheid van die omgewing kan uitoefen. In sy strewe na die volhoubaarheid van landbou sal Graan SA met beleidsinsette by die debat betrokke bly.

## Bedinging van dieselrabat

Die dieselrabatskema is oorspronklik ingestel omdat die meeste diesel deur die landbousektor gebruik word en nie op openbare paaie nie. Dit is egter in Maart 1997 weens misbruik van die stelsel afgeskaf, waarna verskeie mislukte pogings deur georganiseerde landbou aangewend is om dit heringestel te kry.

Op 19 Mei 2000 het verteenwoordigers van Agri SA en Graan SA weer met die Departement van Finansies vergader om die saak te bespreek. In 'n memorandum wat tydens die vergadering bespreek is, is verskeie faktore uitgewys wat die instelling van 'n rabat op diesel vir die landbousektor in Suid-Afrika regverdig.

Die Regering het die meriete van die vertoë erken en vanaf 4 Julie 2001 is 'n dieselrabat ingestel op 80% van die diesel wat deur die landbousektor verbruik is. 'n Produsent moet vir BTW geregistreer wees en die doel waarvoor die diesel gebruik word, moet vir die rabat kwalifiseer. Die diesel moet in die naam van die produsent aangekoop word en die produsent moet behoorlik rekord hou van die aankoop, opberging en gebruik van die diesel, insluitende 'n logboek per voertuig. Die rabat mag slegs geëis word op die hoeveelheid diesel wat verbruik is en nie op die totale aankope nie.

Dit sou as deel van die SAID BTW-stelsel geadministreer word en spesifieke inligting sou vereis word voordat eise ten gunste daarvan uitbetaal word. Die totale rabat het by die afkondiging daarvan 42,1 sent/liter beloop. Dit het 'n totale besparing van nagenoeg R300 miljoen vir landbou beteken, waarvan sowat R80 miljoen net vir graanprodusente.

Gedurende Augustus 2001 het Agri SA weer vertoë tot die Minister van Finansies gerig om die dieselrabat vir die landbousektor te verhoog. Op daardie stadium is die rabat slegs op 80% van die diesel wat deur die landbousektor verbruik is, toegepas. In die vertoë is daarop gewys dat die omstandighede wat tot die herinstelling van die rabat aanleiding gegee het, inderdaad sedertdien vererger het. Daar is ook 'n vergelyking getref tussen die persentasie styging in die prys van diesel (100%) teenoor die styging in produsentepryse (± 23%) vanaf 1995 tot 2000.

In sy antwoord op die vertoë het die Minister daarop gewys dat die vorige dieselrabatskema as gevolg van wydverspreide misbruik afgeskaf is. Hy het ook daarop gewys dat die veranderinge aan die administrasie van die stelsel deur SAID in die proses van implementering was. In die lig daarvan het die Minister besluit dat die koers van die dieselrabat nie voor die 2004-begroting hersien sou word nie. Sedertdien is die dieselrabat wel van tyd tot tyd aangepas.

Met verloop van tyd het probleme met die dieselrabatstelsel, verbandhoudend met oudits, administrasie en boetes, in die landbousektor voorgekom. Uit oudits deur SAID het dit aan die lig gekom dat eisers in verskeie gevalle nie volledig aan die riglyne en vereistes van die stelsel en toepaslike wetgewing voldoen het nie. Onder andere, is die vereiste dat logboeke bygehou moet word vir elke voertuig wat die sogenaamde “plaasdiesel’ gebruik, in baie gevalle nie nagekom nie. Produsente was onder die indruk dat hulle aan die vereistes voldoen het indien hulle bewyse van die uitgawes voorsien en die 80:20-beginsel toegepas het. Hulle was egter in terme van die voorskrifte verplig om logboeke by te hou.

Graan SA en Agri SA het met die owerhede in gesprek getree met die oog daarop om ′n logboek te ontwikkel wat prakties was en aan SAID se vereistes sou voldoen. Die gesprekke het verder ten doel gehad om ′n aanvaarbare metode te vind om produsente by te staan wat na aanleiding van SAID se oudits vir nie-nakoming aanspreeklik gehou is. Vertoë is tot SAID en die betrokke ouditspanne gerig om alternatiewe inligting soos bedryfstakbegrotings en finansiële ontledings deur byvoorbeeld landboubesighede te aanvaar as voldoende plaasvervangende inligting vir logboeke.

SAID is versoek om produsente in die 2012/2013-belastingjaar toe te laat om die betrokke administratiewe praktyke in plek te plaas wat oudits in die toekoms meer doeltreffend sal ondersteun. SAID is ook versoek om werkswinkels in hierdie verband te oorweeg waarmee Agri SA en sy affiliasies behulpsaam sou wees. Ten einde sy lede met probleme en onsekerhede ten opsigte van die dieselrabat by te staan, het Graan SA in 2011/2012 ′n ondersteuningslessenaar by ′n prokureursfirma gevestig wat produsente se navrae daaroor kon beantwoord.

Die groot probleem het rondom die byhou van logboeke en toepassing van die 80:20-vereiste in praktyk gewentel. Aangesien geen riglyne bestaan het nie, het Graan SA voorstelle vir moontlike oplossings aan SAID voorgelê. Dit het voorstelle oor die inhoud en samestelling van ′n logboek ingesluit.

Uiteindelik het SAID riglyne ten opsigte van logboeke gepubliseer wat nie Graan SA se aanbevelings geakkommodeer het nie. Dit was in die mening van Graan SA onprakties, en het tot onnodige administrasie aanleiding gegee. Graan SA gaan voort om hieroor met SAID gesprek te voer.

## Mededinging in landbou


### *Kunsmisbedryf*

Graan SA hou rekord van, verwerk en vertolk nasionale sowel as internasionale pryse van insette, soos saad, kunsmis, chemikalieë en landboumasjinerie op ′n daaglikse, weeklikse en maandelikse basis. Daaruit word data opgebou oor die prys, kwaliteit en beskikbaarheid van insette.

Die organisasie se uitgebreide databasis oor internasionale en plaaslike prysbewegings maak dit moontlik om prysvergelykings ten opsigte van produksieinsette te maak. Die inligting wat met verloop van tyd oor kunsmispryse versamel en ontleed is, het daarop gedui dat mededinging in die kunsmismark onder verdenking was.

Op grond daarvan het Graan SA die Mededingingskommissie by verskeie geleenthede genader om die saak te ondersoek en die Kommissie voorsien van inligting wat daarop gedui het dat plaaslike pryse nie noodwendig internasionale prysvlakke weergegee het nie.

Kunsmis het histories ongeveer 30% - 35% van ′n graan- en oliesadeprodusent se lopende produksiekoste uitgemaak en het dus ′n groot invloed op die winsgewendheid van graanproduksie gehad. Gedurende 2008 het skerp stygings in kunsmispryse die syfer tot sowat 45% verhoog. Aangesien daardie styging in koste



hoofsaaklik deur die produsente geabsorbeer moes word, was dit vir Graan SA belangrik dat die inligting oor onmededingende praktyke in die kunsmismark aan die Mededingingskommissie gerapporteer word.

In 2007 het die Mededingingskommissie begin met ondersoeke oor verskeie oortredings van die Wet op Mededinging binne die kunsmisbedryf. Graan SA het ʼn rol daarin gespeel deur, onder andere, inligting en statistiek aan die mededingingsowerhede te voorsien.

Die ondersoeke het verskeie oortredings van die Wet op Mededinging geopenbaar, wat ingesluit het prysvasstelling, markverdeling en samespannende tenders in die voorsiening van ʼn wye reeks kunsmisprodukte. Verskeie kunsmismaatskappye was hierby betrokke. Dit het uiteindelik daartoe gelei dat Sasol ʼn skikking met die mededingingsowerhede aangegaan het in terme waarvan Sasol ʼn boete van meer as R250 miljoen moes betaal.

Die Voorsitter van die Mededingingstribunaal het geaffekteerde groepe aangespoor om skadevergoedingseise teen Sasol in te stel, gegewe Sasol se erkenning van onmededingende optrede. Produsente het egter ʼn baie moeilike bewyslas ten opsigte van die omvang van hulle skade gehad. Gevolglik het Graan SA met Sasol onderhandel dat ʼn trust, die Sasol Nitro Navorsingstrust, gestig word waaraan Sasol oor ʼn tydperk van drie jaar R30 miljoen geskenk het, met die bedoeling dat die trustfondse vir projekte tot voordeel van produsente aangewend sou word.

Benewens die bogemelde oortredings het die Mededingingskommissie ʼn klag van beweerde misbruik van hul oorheersende posisie in die kunsmisbedryf teen Sasol Nitro ondersoek. Ten opsigte van daardie klag het Sasol Nitro op 5 Julie 2009 ʼn skikkingsooreenkoms met die Mededingingskommissie aangegaan wat ʼn herstrukturering van Sasol se kunsmisbedryf behels het, wat uiteindelik tot groter mededinging in die kunsmisbedryf sou bydra.

### *Samespanning in die bak- en maalbedryf*

Gedurende Desember 2006 het die Mededingingskommissie inligting ontvang van ʼn beweerde broodkartel wat in die Wes-Kaap bedrywig was. Na ʼn voorlopige ondersoek het die Kommissie ʼn klagte aanhangig gemaak teen Premier Foods (Blue Ribbon-handelsmerk), Tiger Brands (Albany) en Pioneer Foods (Sasko).

Tydens die ondersoek wat daarop gevolg het, het Premier Foods aansoek gedoen om kwytskelding en hom bereid verklaar om die Kommissie in sy ondersoek by te staan. Premier Foods het openbaar dat hy inderdaad saam met Tiger Brands en Pioneer Foods ʼn broodkartel in die Wes-Kaap bedryf het deur gesamentlike ooreen te kom oor die vasstelling van broodpryse en ander handelsvoorwaardes.

Premier Foods het verder onthul dat ʼn broodkartel, waartoe hy ʼn party was, in ander dele van Suid-Afrika bestaan het waarby Foodcorp (Sunbake Bakeries) betrokke was en dat die kartel tot in die maalbedryf gestrek het. Die Mededingingskommissie het sy ondersoek ook na die binnelandse kartel en die praktyke in die maalbedryf uitgebrei.

In die geval van die klagte in die Wes-Kaap het die Mededingingstribunaal vir Premier Foods, Pioneer Foods (Sasko) en Tiger Brands skuldig bevind aan oortredings van artikels 4 (1)(b)(i) en (ii) van die Wet op Mededinging. Die Tribunaal het bevind dat die drie firmas gedurende Desember 2006 ooreengekom het op die implementering van stygings in die broodprys, beide ten opsigte van die prys waarteen dit sou styg en die datums waarop dit geïmplementeer sou word.

Hulle het ook ooreengekom dat nie een van hulle nuwe kliënte of vorige werknemers van brood sou voorsien nie. Verder sou nie een van die firmas op 25 en 26 Desember 2006 brood aan enige klante aflewer nie.

In die geval van die ander klagte (die nasionale/binnelandse klagte) het die Mededingingstribunaal bevind dat Pioneer Foods, Tiger Brands, Premier Foods en Foodcorp sedert 1999 partye was tot verskeie oortredings van die Wet op Mededinging. Dit het ooreenkomste vir die verdeling van markte, die vasstelling van pryse en die datums waarop dit in werking sou tree, ingesluit. Hulle het ook gedurende 2003 en 2004 ooreengekom om gedurende die implementering van prysverhogings nie klante toe te laat om van verskaffer te verander nie en om nie mekaar se klante af te rokkel nie.





Die sake teen Premier Foods, Tiger Brands en Foodcorp is gedurende 2009 afgehandel, maar in die geval van Pioneer Foods is finaliteit eers gedurende Februarie 2010 bereik.

Premier Foods is ingevolge sy aanvanklike kwytskelding nie enige boete opgelê nie. Foodcorp het uiteindelik 'n ooreenkoms met die Mededingingskommissie bereik in terme waarvan Foodcorp 'n administratiewe boete van R45,4 miljoen betaal het. Voortspruitend uit die skikkingsooreenkoms tussen Tiger Brands en die Mededingingskommissie, ingevolge waarvan Tiger Brands ooreengekom het om die Kommissie in sy ondersoek by te staan, het Tiger Brands 'n administratiewe boete van R98,7 miljoen betaal.

Pioneer Foods was nie bereid om skuld op die oortreding van die Wet op Mededinging te erken nie en het enduit probeer om sy onskuld te bewys. Dit het egter nie geslaag nie en uiteindelik is die maatskappy in 2010 'n totale boete van R195,7 miljoen deur die Mededingingstribunaal opgelê, waarvan R46 miljoen vir die oortredings in die Wes-Kaap en R149,7 miljoen vir die binnelandse/nasionale oortredings.

Die Mededingingstribunaal het deur die omvang van die boetes asook in die uitspraak 'n sterk waarskuwing gerig teen onmededingende praktyke in landbou.

'n Belangrike voordeel van die bostaande sake, is groter mededinging in die koringbedryf se waardeketting. 'n Nadeel daarvan is egter dat al die bedryfstatistiek in die proses verlore geraak het, omdat die Mededingingsowerhede bedenkinge daaroor uitgespreek het. Die gevolg was dat dit gestaak is en sedert 2007 is statistiek oor hoeveel brood in Suid-Afrika verkoop word, hoeveel meel en watter soort meel verkoop word en in watter provinsie groei ondervind word, nie meer geredelik beskikbaar nie.

## SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

As verantwoordelike korporatiewe organisasie is Graan SA se strategiese doelwitte nie net daarop gemik om winsgewende en volhoubare graanproduksie vir kommersiële en ontwikkelende produsente te bewerkstellig nie, maar ook op die vervulling van maatskaplike verantwoordelikheid. Graan SA kom hierdie verantwoordelikheid op verskeie wyses na, waarvan die inisiatiewe hieronder net 'n paar voorbeelde is.

### *1. Graandata*

Verwerkte vraag en aanbod-inligting vir graan is geredelik in die wêreldmark beskikbaar, maar soortgelyke verwerkte inligting vir die Afrika- en Suid-Afrikaanse mark is onvolledig. Graan SA verskaf die enigste formele bron van verwerkte inligting oor die Suid-Afrikaanse graanmark. Dit behels die insameling, volgehoue navorsing en vertolking van inligting vir die plaaslike bedryf. Dié markinligting, wat tans gratis deur Graan SA beskikbaar gestel word, word deur plaaslike sowel as internasionale maatskappye en organisasies erken. Die inligting word daagliks op die Graan SA webblad opgedateer.

Objektiewe inligting is noodsaaklik vir die effektiewe funksionering van die vrye mark in Suid-Afrika en vir produsente om ingeligte besigheidsbesluite te neem.

Die rolspelers wat van hierdie data gebruik maak, sluit in:

- Finansiële instansies
- Openbare belanghebbendes
- Handel- en graanlogistieke verwante belanghebbendes
- Produksie- en insetverwante belanghebbendes
- Media
- Verbruikers van graan
- Produsente
- Konsultante
- Internasionale belanghebbendes
- Politici en politieke analiste
- Voedselsekerheidsverwante belanghebbendes

## Ander inisiatiewe

### *2. Die Skoleprogram*

Graan SA se Skoleprogram het gedurende die NAMPO-era ontstaan en is aanvanklik deur insetverskaffers (Omnia en Northmec) geborg. Met verloop van tyd het dit deel geword van ŉ vennootskap met die Mielietrust, die Wintergraantrust en die AgriSeta, waarvan elk die program op verskillende wyses en in verskillende areas befonds het.

Deur middel van die Skoleprogram word leerders bewus gemaak van die rol van landbou in ŉ moderne omgewing asook die bydrae van landbou as bron van voedsel, vesel en energie.

Aanvanklik is die program op NAMPO Park aangebied en was die doelwit om 50 sekondêre, 30 primêre en 20 pre-primêre skole/jaar vanuit al die Suid-Afrikaanse provinsies te betrek. Die program was van die begin af ŉ groot sukses en met verloop van tyd is duisende skoolkinders vanuit ŉ groot aantal skole daardeur bereik. Dit het tot so ŉ mate gegroei dat ŉ voltydse personeellid, mnr Heubert McGluwa, in 2004 aangestel is om oor die program toesig te hou.

Vanaf 1 Oktober 2008 is die program na die Ontwikkelende Landbou-afdeling oorgeplaas en dit het aansienlik uitgebrei, aangesien kontrakteurs na skole gestuur is vir voorleggings. Skolebesoeke te NAMPO Park is hiermee beëindig.

Die volgende DVD's vir die skoleprogramme is tans beskikbaar:

- *Food fibre and life* (Die verhaal van hoe landbou ontwikkel het.)
- *Dig in – what is agriculture all about?* (Jy het meer as grond nodig om te boer.)
- *The Economy – what's in it for me?* (Hoe werk die ekonomie?)
- *Your lifeline – the story of bread* (Die storie van brood.)
- *Careers with plants* (Dit verskaf talle opsies vir alle talente en smake.)
- *Careers with animals* (Dit verskaf talle opsies vir alle talente en smake.)

Die begroting vir die huidige skoleprogram (2015/2016), waardeur 300 skole en 50 000 leerders/kwartaal bereik word, beloop R1,4 miljoen. Dit werk uit op ongeveer R4 600/skool, of R28/leerder/jaar (vir al drie besoeke). 'n Fasiliteerder besoek gewoonlik tien skole/week, wat beteken dat 'n bydrae van R46 000/jaar toelaat dat die tien skole drie keer/jaar besoek kan word.

Die grafieke hiernaas toon die vordering van hierdie projek sedert 2010. Elke skoolfasiliteerder rapporteer oor elke besoek, met kommentaar van die onderwysers en leerders van elke skool.

### *3. Meelskenking aan Rustenburg-platinumgordel*

Op 23 Januarie 2014 het bykans 70 000 platinumwerkers wat lede van die *Association of Mineworkers and Construction Union* (AMCU) is, in die Rustenburg-area begin staak. Die staking het al drie Suid-Afrika se groot platinummyne geaffekteer.

Vele maatskappye wat nie direk deur die staking geraak is nie, het ook wel die nadelige gevolge daarvan beleef. Maatskappye wat verskaffers van die myne was, het groot verliese gely en in sommige gevalle werkers afgelê of selfs









**Die Skoleprogram bereik tans meer as 50 skole en 50 000 leerders/kwartaal.**

**VAN DIE INSTELLING VAN DIE SKOLEPROGRAM IN 1993 TOT IN 2003 HET 21 080 LEERLINGE EN 1 376 ONDERWYSERS WAT 351 SKOLE VERTEENWOORDIG HET, AAN GRAAN SA SE SKOLEPROGRAM DEELGENEEM.**

**SEDERTDIEN HET DIE PROGRAM SODANIG GEGROEI DAT 145 274 LEERLINGE VAN 863 SKOLE NET IN 2014 BEREIK IS.**




**Skole besoek tussen 2010 en 2015 met die finansiële ondersteuning van die Mielietrust, Wintergraantrust en AgriSeta.**




**Leerders wat die Skoleprogram bygewoon het tussen 2010 en 2015, te danke aan die Mielietrust, Wintergraantrust en AgriSeta.**










**Bewusmaking by die skoolgaande jeug oor landbou in 'n moderne omgewing, sowel as die bydrae van landbou as bron van voedsel, vesel en energie, kan hier in aksie gesien word.**

bankrot gespeel. Die staking het ook 'n wesenlike impak op Rustenburg se mense gehad. Die werkers, wat reeds grootliks in armoede geleef het, het in totaal sowat R11 miljard in salarisse verloor en moes staatmaak op ondersteuning van familie en liefdadigheidsinstellings.

Graan SA het daarvan te hore gekom en wou graag iets doen om die lot van daardie mense te verlig. Gedurende Julie 2014 is 12 ton mieliemeel aan die slagoffers van die Rustenburg-platinumgordel geskenk. Graan SA, in samewerking met Pioneer Foods en Loubser Transport, het 'n projek van stapel gestuur waardeur die meel afgelewer en versprei is.

### *4. Deelname aan 67 Minute Mandela-inisiatief*

Op 18 Julie van 2014 en 2015, op Nelson Mandela se verjaarsdag, het mense van regoor Suid-Afrika die Nelson Mandela-inisiatief vir verandering ondersteun. Die veldtog het ten doel om die belangrikheid van goeie dade in die daaglikse lewens van Suid-Afrikaners te illustreer.

Bramley Kinderhuis is 'n residensiële versorgingsfasiliteit vir getraumatiseerde en mishandelde kinders. Dit bied 'n veilige hawe aan 54 kinders wat 'n behoefte het aan versorging. Met slegs 50% van die uitgawes wat deur die Staat en gereelde skenkings gedek word, is die fasiliteit baie afhanklik van die ondersteuning en skenkings.

Graan SA het met behulp van liefdadigheid-ondersteuningsdienste 67 minute op Mandela-dag 2014 betrokke geraak om van die fasiliteite en geriewe by die kinderhuis op te knap.

In 2015 is 16 sokkerstelle met behulp van XCO Sport aan die kinderhuis geskenk.

### *5. Graan SA se Momentum-produk – finansiële welstandsprogram*

Winsgewendheid en volhoubaarheid versus die maatskaplike opheffing van plaaswerkers bly belangrik. Graan SA het in 2015 'n finansiële welstandsprogram vir lede en hul plaasarbeiders saam met Momentum ontwikkel. Die oplossing ondersteun werkgewers om vir die sleutelbehoeftes van plaasarbeiders voorsiening te maak. Die produk is tydens die 2015-kongres bekendgestel.

## STRATEGIESE PLAN VIR DIE GRAANBEDRYF

Reeds vroeg in sy bestaan het Graan SA betrokke geraak by die ontwikkeling van die Staatspresident se strategiese plan vir landbou, onder leiding van prof Johann Kirsten. Dit was daarop gemik om landbou sy regmatige plek in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bied, gebaseer op die beginsels van groei, mededinging, samewerking en gelyke deelname. Die volgende is geïdentifiseer as die beperkende faktore vir bereiking van groei in die landboubedryf:

- Lae en wisselvallige reënval en min goeie bewerkbare grond;
- swak voorligting en ondersteuningsdienste;
- wetgewing wat mededinging kniehalter;
- hoë produksiekoste;
- lae arbeidsproduktiwiteit en hoë koste van ongeskoolde arbeiders;
- misdaad;
- agteruitgang in die navorsingsinfrastruktuur en -kapasiteit;
- kwaliteitsvereistes vir insette, graanprodukte en ingevoerde graan;
- hoë koste van kapitaal;
- swak toegang tot tydige, relevante en akkurate markinligting;
- swak infrastruktuur en logistieke beperkings;
- moeilike toegang tot finansiering en belemmerende wetgewing ten opsigte daarvan; en
- internasionale landboubeleid wat graanmarkte verwring.

Na die ontwikkeling van die strategiese plan was dit duidelik dat samewerking op alle vlakke in die waardeketting noodsaaklik sou wees. Ten einde dit te bereik, is strategiese programme vir die volgende ontwikkel:







**67 Minute Mandela-inisiatief.**







- Swart ekonomiese bemagtiging in die graanbedryf.
- Internasionale marktoegang en handelsbeleid.
- Inligting en kommunikasie.
- Tegnologiese ontwikkeling en oordrag van nuwe tegnologie.
- Tegniese standaarde.
- Menslike hulpbronontwikkeling.

Elkeen van die strategiese programme het ŉ plan van aksie vir die implementering daarvan deur die verskillende rolspelers in die graanbedryf gehad. Hoewel die plan in teorie aanvaar is, het dit nooit werklik in praktyk uitvoering gevind nie.

Toenemende deelname van swart boere aan kommersiële landbou sedert 1994 het spesifieke aandag binne Graan SA geniet en die organisasie se besondere bydrae tot die ontwikkeling van daardie boere word later in Hoofstuk 8 opgeteken. Graan SA het dit as deel van sy verantwoordelikhede aanvaar om die inskakeling van die nuwe boere te bevorder dat die doelwitte van voedselsekerheid en langtermyn volhoubaarheid van Suid-Afrikaanse landbou bereik kan word.

## EENHEID IN LANDBOU (ASUF)

Die produsente van Suid-Afrika word hoofsaaklik deur vier verskillende landbouunies verteenwoordig, naamlik die African Farmers Association of South Africa (AFASA), die Transvaalse Landbou-unie van Suid-Afrika (TLU SA), Agri SA en die National African Farmers Union of South Africa (NAFU SA). Elkeen van hierdie organisasies verteenwoordig ŉ spesifieke groep lede.

Graan SA en ander rolspelers in die landbousektor het besef dat die bestaan van die vier verteenwoordigende organisasies nie in belang van die land se produsente is nie, omdat dit hulle stem en bedingingsmag verdeel. Na ŉ versoek deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, Me Tina Joemat-Pettersson, het die besef ontstaan dat iets gedoen moes word om die verskillende verteenwoordigende organisasies om een tafel bymekaar te kry en ŉ basis te vind waarop hulle in belang van landbou kan saamwerk.

Daar is besluit dat gepoog sal word om prof Mohammad Karaan, dekaan van die Landboufakulteit van die Universiteit van Stellenbosch en voormalige Voorsitter van die Nasionale Landboubemarkingsraad, se betrokkenheid te verkry ten einde gesprekke tussen die verskillende organisasies te fasiliteer. ŉ Afvaardiging

bestaande uit verteenwoordigers van Agri SA, Graan SA en die Vrystaat Landbou-unie het hom besoek en sy ondersteuning verkry. Deur Karaan se bemiddeling het die vier organisasies met mekaar in gesprek getree, wat uiteindelik in November 2012 uitgeloop het op die stigting van die *Agri-sector Unity Forum* (ASUF), met AFASA, NAFU SA, TLU SA en Agri SA as sy lede. Hierdeur is 'n forum geskep waar wit en swart produsente met mekaar saamwerk om belangrike landboukwessies aan te spreek.

Hoewel Graan SA 'n belangrike rol in die totstandkoming van ASUF gespeel het, is hy nie 'n lid van ASUF nie. Graan SA is wel by Agri SA geaffilieer. ASUF se belangrikste doelwit is om konsensus tussen sy lede te verkry en uit een mond te praat oor sake wat landbou raak.

In besonder gee die ASUF aandag aan mededingendheid van Suid-Afrikaanse landbou, volhoubaarheid van die landbousektor en die ontwikkeling van markte. ASUF is ten nouste betrokke by die debat oor grondhervorming in Suid-Afrika en het voorstelle geformuleer en vir oorweging aan die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, mnr Gugile Nkwinti, voorgelê. Die feit dat die lede daarin kon slaag om, ten spyte van verskille oor baie van die kwessies, konsensus te bereik oor die voorlegging aan Minister Nkwitini oor hierdie uiters sensitiewe onderwerp, is bemoedigend.

ASUF beskik nie oor sy eie sekretariaat of personeel nie en al die lede werk saam om dit te kan laat funksioneer. Mnr Japie Grobler het sedert ASUF se stigting in 2012 as Ondervoorsitter gedien. Hy het in 2014 die leisels oorgeneem as Voorsitter van ASUF na die skielike afsterwe van Me Ntombi Msimang – wat ook die Voorsitter van die Nasionale Landboubemarkingsraad was.

Volgens Graan SA se jaarverslag van 2016 kon die landbousektor egter nog nie daarin slaag om 'n eenheidstem vir landbou te skep nie. Omdat Graan SA ten gunste is van een mondstuk vir georganiseerde landbou, is sekretariaat-ondersteuning gedurende 2015/2016 aan ASUF as landbou-eenheidsorganisasie gebied.

## BOTHAVILLE-KANTOOR: VERSKUIWING NA PRETORIA

Met die stigting van SAMPI is die hoofkantoor te Bothaville gevestig in fasiliteite wat mnr Crawford von Abo beskikbaar gestel het. Na SAMPI en SAMSO se samesmelting het NAMPO voortgegaan om die hoofkantoor te Bothaville te gebruik. NAMPO het later sy eie gebou op Bothaville verkry wat tot en met die stigting van Graan SA as die hoofkantoor gedien het.

Dié gebou is ook vir ongeveer twaalf jaar deur Graan SA as hoofkantoor gebruik. Gedurende daardie tydperk is by geleentheid ondersoeke geloods na die moontlike verskuiwing van die hoofkantoor, maar die bevinding was telkens dat Bothaville die mees geskikte setel vir Graan SA se hoofkantoor was.

Gedurende 2011 is Jannie de Villiers as nuwe Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA aangestel. Die hervestiging van Graan SA se hoofkantoor in Pretoria in 2012 het gevolglik deel uitgemaak van 'n nuwe strategiese fokus wat deur die organisasie se Hoofbestuur goedgekeur is. Graan SA se leierskorps het die realiteit aanvaar dat dit in die beste belang van die organisasie en sy lede sou wees indien die hoofkantoor in Pretoria gevestig word.

Een van die belangrikste oorwegings vir die skuif na Pretoria was skakeling met die Regering en Regeringsorganisasies in die nastreef en uitvoering van Graan SA se doelwitte. Die afstand tussen Bothaville en Pretoria (ongeveer 600 km heen en weer met ongeveer 6 ure reistyd), waar die meeste interaksie met die Regering en rolspelers in die graanbedryf plaasgevind het, het effektiewe beïnvloeding bemoeilik.

Die veranderde omstandighede waarbinne Graan SA gefunksioneer het, tesame met doelwitte vir transformasie, het deurlopend vereis dat nuwe kundigheid in die personeelkorps gevestig moes word. Dit was baie moeilik om daardie doelwitte te bereik met die hoofkantoor te Bothaville, omdat dit nie geredelik moontlik was om BEE kundiges na Bothaville te lok nie.

Die verskuiwing van die hoofkantoor was 'n uitdagende proses. Nie alle Graan SA-lede het daarmee saamgestem nie. Daar was egter voldoende motivering







vir die besluit en dit is suksesvol deurgevoer. Met terugblik blyk dit dat die besluit om Graan SA se hoofkantoor na Pretoria te verskuif, die regte een was. Graan SA behaal positiewe resultate met beïnvloeding van beleid. Skakeling met belangegroepe en veral staatsinstellings is meer effektief omdat hulle makliker bereik kan word.

Daarbenewens is dit makliker om kundige en meertalige personeel te werf en aan te stel in 'n stedelike omgewing. Die verandering in die samestelling van die personeelkorps, hoofbestuurslede en ampsdraers het genoodsaak dat Engels as die amptelike taal van sekere vergaderings van Graan SA aanvaar is. Graan SA het ook goed gevorder met die transformasie van sy personeelkorps.

Die organisasie het begin om transformasie in sy leierskorps 'n werklikheid te maak met die aanstelling van mnr Victor Mongoato – Voorsitter van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram-werkgroep – as Visevoorsitter van Graan SA in Maart 2013. Mongoato het sedertdien saam met mnr Andries Theron gedien as Visevoorsitters van die organisasie. Hoewel Me Preline Swart die Visevoorsitterskap tydens Graan SA se 2016-Kongres by Mongoato oorgeneem het, is hy steeds 'n gekoöpteerde lid van die organisasie se Dagbestuur.

Vordering met transformasie in Graan SA het 'n besliste bydrae gelewer tot die skepping van 'n vertrouensverhouding met staatsinstansies. Graan SA handhaaf 'n goeie verhouding met die Regering en het beide mnre Thabo Mbeki en Jacob Zuma, die tweede en derde Staatspresidente van Suid-Afrika sedert 1994, op NAMPO Park ontvang. Graan SA het veral met Mbeki baie interaksie gehad tydens die samestelling van die landbouplan. In Maart 2008 het Zuma, toe nog slegs die verkose president van die ANC, die Graan SA Kongres toegespreek.

Een van die vele positiewe resultate van Graan SA se bydrae tot die gemeenskap en sy verhouding met die Regering, was dat hy daarin kon slaag om aansienlike bedrae vir die befondsing vir herkapitaliseringsprojekte vir ontwikkelende produsente van die Staat te verkry.

Samewerking met staatsinstellings het toegeneem omdat Graan SA kan aflewer. Die Departement van Wetenskap en Tegnologie het sedert 2015 begin om Graan SA as navorsingsbefondsingsvennoot te ondersteun vir sojaboon- en koringnavorsing. Intussen is nuwe vennootskappe met die regering oor navorsing en landbouontwikkeling gesluit.

Die Ontwikkelende Landbouprogram van Graan SA kon met behulp van die Nasionale Tesourie se nuutgeskepte fonds vir die bevordering van werkskepping, oftewel die Jobs Fund, in 2015 'n projek van stapel stuur waarvolgens 1 577 kleinskaalse produsente toegang tot insette en meganisasie verkry het om 1 802 ha te bewerk. Hierdie geleenthede stel Graan SA in staat om ook op plaasvlak waardevolle bydraes tot transformasie te maak, soos wat in die volgende hoofstukke na vore sal kom.

## LEIERSKAPSONTWIKKELING

Gedurende 2011 het Graan SA se Hoofbestuur leierskapsontwikkeling en opleiding van sowel jonger produsente as meer gevestigde leiers en mentors as 'n spesifieke strategiese fokusarea aanvaar.

Ten einde meer kennis oor leierskapsopleiding op te doen, het mnr Jannie de Villiers, Hoofbestuurder van Graan SA, gedurende Augustus 2011 die eerste fase van die National Corn Growers Association in die VSA se jaarlikse Leadership Academy-program bygewoon, 'n kursus wat fokus op die ontwikkeling van leierskapsvaardighede van jong produsente. Hy was die eerste buitelander in 26 jaar wat daardie kursus bygewoon het.

By sy terugkeer het De Villiers die moontlikheid om 'n soortgelyke program vir jong leierprodusente in Suid-Afrika te begin, met mnr Antonie Delport, Besturende Direkteur van Syngenta in Suid-Afrika, bespreek. Hulle was van mening dat so 'n program baie kon bydra tot die bemagtiging van jong produsente in Suid-Afrika en die ontwikkeling van 'n wetenskaplik gefundeerde benadering tot die toekoms van landbou.

Die Syngenta Graanakademie is in 2012 gestig en 'n leierskapsontwikkelingsprogram is in samewerking met die Sakeskool van die Universiteit van die Vrystaat,

ontwikkel. Dit bestaan uit drie studieblokke van drie dae elk wat oor 'n tydperk van drie maande by die Universiteit aangebied word. Die Graanakademie se eerste kursus, wat in 2013 aangebied is, is suksesvol deurloop deur die volgende individue:

- Bernhard Coetzer, Potchefstroom
- Casper Botha, Potchefstroom
- Chris Bender, Clocolan
- Cobus van Zyl, Bloemhof
- Cobus Grobbelaar, Bothaville
- Corné Louw, Grain SA, Pretoria
- Floyd Murray, Eastern Cape
- Frikkie Theron, Moorreesburg
- Gideon Anderson, Middelburg
- Graham Leslie, Harrismith
- Henk Prinsloo, Middelburg
- Herman Fouche, Potchefstroom
- Jean-Pieter Corver, Harrismith
- Joel Allem, Viljoenskroon
- Johan du Toit, Senwes
- Johan van Huyssteen, Virginia
- Ters Pretorius, Heilbron
- Theo Ferreira, Harrismith
- Tony da Costa, Nigel



**Die programfasiliteerders van die Syngenta Graanakademie in 2013.**



**Syngenta 2013 se Graanakademie-groep, fasiliteerders en dosente.**




Graan SA se logo wat in 2000 deur Kongres goedgekeur is, het in 2009 'n gesigwas ondergaan. Die logo se kleure en karakter het onveranderd gebly, maar vir 'n meer praktiese toepassing op byvoorbeeld korporatiewe kleredrag, is die organisasie se naam onder die ikoon ingeskuif.

Manlike en vroulike kandidate vanuit diverse omstandighede en kulturele agtergronde kan dit bywoon. Die program se inhoud spreek aktuele sake aan, soos grondhervorming, gebruik van kommunale grond, bemagtiging en ontwikkeling van opkomende boere, arbeidskwessies, werksekerheid en werknemervoordele vir plaaswerkers. Die fokus is egter op die ontwikkeling van die kandidate se leierskap en besigheidsvaardighede.

Die Graanakademie se program het ten doel om die kandidate op persoonlike sowel as professionele vlak te ontwikkel sodat hulle nie net in staat gestel word om op plaasvlak 'n verskil te maak nie, maar ook waarde tot die breër landbougemeenskap toe te voeg.

Benewens sy bydrae tot die vestiging van die Graanakademie, het Graan SA in samewerking met Santam Agri die Jongleierslaboratorium gevestig met die doel om 'n platform te skep waar jong landbouleiers vanuit verskillende agtergronde onder leiding van ervare mentors ontmoet. Jong leiers vanuit staatsdepartemente en die privaat sektor, sowel as jong produsente word na die jaarlikse geleentheid genooi. Kandidate word aangemoedig om buite die formele sessies te netwerk ten einde mekaar beter te leer ken en 'n beter begrip vir elkeen agtergrond en sienings te ontwikkel. Kandidate word ook toegelaat om hulle sienings vryelik oor te dra en die gespreksleiers moedig oop debat aan.

"Die uiters positiewe terugvoer van die deelnemers aan hierdie gesprek, beklemtoon die behoefte wat by jong leiers bestaan om brûe te bou wat die graanbedryf die toekoms kan inneem," aldus De Villiers.

## BEELDBOU EN KOMMUNIKASIE

Die momentum van beeldbou- en kommunikasie-aksies wat voorheen doeltreffend deur NAMPO en NOPO gedryf is, is sedert 1999 deur Graan SA voortgesit.

Melding moet gemaak word van landboumaatskappye se ondersteuning in die vorm van borgskappe, opneem van advertensiespasie en volgehoue deelname aan Graan SA se NAMPO Oesdag, wat 'n wesenlike bydrae hiertoe gelewer het en steeds doen. Hierdie vennootskap met borge is 'n vername faktor wat meegehelp het om 'n platform te skep waardeur die beeld van Graan SA as produsenteorganisasie – maar vernaamlik die saak van die graanprodusent – effektief en tydig uitgedra kan word.

Wat beeldbou en kommunikasie betref, is dit heel duidelik nie net 'n boer wat 'n plan kan maak nie. Die onderskeie produsente-organisasies waaruit Graan SA

**Volgens mediamoniteringstatistiek kon Graan SA gedurende 2014 daarin slaag om die plaaslike Engelse pers se belangstelling in die graanbedryf en voedselsekerheid te verhoog, terwyl die bedryf se mediaprofiel in die Afrikaanse- en landboumedia suksesvol gehandhaaf is.**









**Benewens ʼn reeks streeksvergaderings wat in aanloop na Kongres gehou is, word spesiale inligtingsvergaderings op sentrale punte in die graanproduserende gebiede gehou indien nodig.**

gevorm is, moes met beperkte fondse vir mediablootstelling en massakommunikasie vernuftige planne beraam om lede deurlopend ingelig te hou; graanmarkinligting en -tendense tydig oor te dra, landbou se saak te stel en meningsvormers en rolspelers in die Regering te bereik. Dieselfde uitdagings het Graan SA in die gesig gestaar, maar met die verskil dat tegnologie soos die internet, selfone en satelliet-TV teen 1999 reeds in gebruik was.

Graan SA se openbare betrekkinge- en kommunikasiefunksie is sedert 1999 intern deur ʼn skakelbestuurder en/of skakelbeampte behartig. Na dit by tye as ʼn aparte afdeling gefunksioneer het en andersins deel van die Bedryfsheffing-afdeling was, is dit in 2015 by die nuutgevormde Bemarkingsafdeling van Graan SA geïnkorporeer.

## Persoonlike kommunikasie

Kommunikasie met ons lede en produsente op plaasvlak is ʼn prioriteit. Benewens ʼn reeks streeksvergaderings wat in aanloop na Kongres gehou is, word spesiale inligtingsvergaderings op sentrale punte in die graanproduserende gebiede gehou indien nodig. Graan SA Hoofbestuurslede speel ʼn belangrike rol in tweerigting kommunikasie en daar word gepoog om hulle te voorsien van inligting wat deur Graan SA se 29 streke en die takstruktuur beskikbaar gestel kan word.

Die dienste van Tony Sanderson (ʼn lobbyist, oftewel ʼn gunswerwer), is in 2013 bekom om deure te open vir strategiese gesprekvoering en doelmatige interaksie met regeringsrolspelers. Na die bereiking van sekere doelwitte het Graan SA besluit om dit nie ná 2015 voort te sit nie.

## Mediaskakeling

Skakeling met die media geniet deurlopende fokus. Noue kontak word gehandhaaf ten einde toegang te verseker tot ʼn maksimum hoeveelheid inligting en agtergrond oor kwessies wat die graanprodusent raak. Graan SA het ʼn gevestigde mediaprofiel en ʼn sterk verhouding met die landboumedia – veral deur middel van die Landbouskrywersvereniging se lede – sowel as die sake- en dagbladpers en uitsaaimedia. Onafhanklike mediamonitering in 2014/2015 het aangetoon dat die graanbedryf se blootstelling aan die Engelse media oor die afgelope jare verhoog het. Joernaliste van die plaaslike en selfs internasionale media word tydens die NAMPO Oesdag by Graan SA se mediasentrum ontvang.

In aansluiting by die Dagbestuurslede van Graan SA wat gereeld in die media aangehaal word, word die kundigheid van die organisasie se tegniese en ekonomiese spesialiste hoog aangeskryf deur die media.




## Digitaal

Na Graan SA se televisieprogram in 2002 ten einde geloop het, het die Hoofbestuur besluit dat 'n webtuiste gevestig moet word wat die meeste van die program se inligting sou vervat en op 'n gereeld basis bygewerk sou word. Die webtuiste het gespog met 'n maandelikse besoekerstal van 11 000. Die instelling van die eerste SMS-kortboodskapdiens het die organisasie in staat gestel om byna onmiddellik met meer as 2 000 lede/selfoon te kommunikeer.




Gegewe die snel tempo waarteen tegnologie ontwikkel, is die webtuiste in 2007 opgegradeer om die inligting wat dit bevat meer toeganklik en gebruikersvriendelik te maak. Die getal webbladbesoeke het jaarliks toegeneem terwyl Meimaand weens die NAMPO Oesdag die gewildste was.

Die koms van interaktiewe webtuiste-tegnologie en sosialemedia het daartoe gelei dat die webtuiste weer eens in 2013 opgegradeer is om aan die nuwe vereistes te voldoen. Gedurende 2014 is fase 2 van die projek afgehandel met die opgradering van die NAMPO Oesdag-webtuiste en omvattende databestuurstelsel vir die afdeling Ontwikkelende Landbou om interaktiewe bestuursaksies uit die onderskeie streke te ondersteun. *SA Graan/Grain* is ook in eBoek-formaat op die webtuiste bekend gestel.


GRAIN SA
GRAAN SA

Perspektief | Perspective

*In this issue...*

- Delivery progress of expected maize harvest
- SA Groundnut Forum – cultivar and production opinion survey
- Stay inspired...

**DELIVERY PROGRESS OF EXPECTED MAIZE HARVEST**

*Petru Fourie, Research Coordinator & Production Cost Analyst & Luan van der Walt, Economist, Grain SA*

The harvesting of maize is done later than normal due to the impact of the drought, which delayed plantings with up to three weeks, particularly in the western parts of the country. Apart from the late plantings, crops are taking longer to dry due to shorter days and lower temperatures. As a result, the white maize delivery rate is slower in comparison to the previous couple of seasons, whilst the delivery rate of yellow maize is much faster.

**Crop estimates vs producer deliveries**
The main factors to be taken into account in order to compare producer deliveries with the crop estimate, is to consider the following points, as these are not incorporated into the SAGIS delivery figures:

a. Future deliveries, including supplies still on farms in silo bags, grain dams, bags and farm silos;
b. Direct sales to fellow producers; and
c. Retention on farms for own use (including human consumption, animal feed and seed), as well as wastage during harvesting and transportation.

**Progress of maize deliveries - 2016/17 production season**
The progress of the maize deliveries, as published by SAGIS, is compared to the size of the 5th crop estimate of the Crop Estimates Committee (CEC) in the table below. **NB: Please note that points (a - c), as mentioned above, have already been taken into account in the CEC's production figure.**

| | White maize | Yellow maize | Total maize |
|---|---|---|---|
| Early deliveries | 344 825 | 477 058 | 821 884 |
| Marketing season deliveries (week 1 to 10) | 1 383 393 | 2 437 266 | 3 820 659 |
| **Total deliveries (early deliveries plus weeks 1 to 10)** | 1 728 219 | 2 914 324 | 4 642 543 |
| CEC: 5th Crop Estimate | 3 097 225 | 4 063 700 | 7 150 925 |
| MINUS: Farm usage, seed retention, etc (points a - c) | 80 000 | 350 000 | 430 000 |
| **Crop Estimate MINUS farm usage, seed retention etc (points a - c)** | **3 017 225** | **3 713 700** | **6 730 925** |
| | | | |
| % Maize delivered | [illegible] | [illegible] | [illegible] |

Die volume daaglikse besoeke aan die markinligting op die webtuiste, getuig ook dat die Graan SA-webtuiste gebruikersvriendelik is en behoeftegedrewe bestuur word. Teen Mei 2015 het die gemiddelde maandelikse unieke besoeke op 49 044 gestaan. In 2015 is lewendige nuusberigte by die webtuiste geïntegreer.

In die 2014-jaarverslag meld mnr Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA, dat Graan SA se teenwoordigheid suksesvol op die sosialemedia-platforms Facebook en Twitter bekend gestel is. Sosialemedia word in die organisasie gebruik hoofsaaklik om dialoog aan te moedig, openbare betrekkinge- en bemarkingsinisiatiewe te optimaliseer en handelsmerkbewustheid te bou deur die handelsmerk aan nuwe mense bloot te stel en betrokkenheid te verhoog.

Gedurende 2014/2015 het aktiwiteit op die @GrainSA Twitter-rekening aansienlik toegeneem vanaf 253 volgelinge in die vorige verslagtydperk tot 1 682. Benewens twiets tydens alle groot Graan SA-geleenthede, soos die Kongres en NAMPO, word die rekening ook gebruik om daaglikse markverslae en brandstofverslae te versprei.

Die Graan SA Facebook-bladsy se getal volgelinge het in die tyd meer as verdubbel, vanaf 1 000 volgelinge in Desember 2014 tot 4 828 op 1 Desember 2015. Hierdie platform is meer gewild en lede bly op 'n daaglikse grondslag met die organisasie en medegemeenskapslede in verbinding. Met die integrasie van die Graan SA YouTube-kanaal word die deel van inligting tussen die sosialemedia-platforms vereenvoudig. Graan SA het ook 'n Instagram-rekening gestig, wat 942 volgelinge het.

'n Tweeweeklikse elektroniese nuusbrief wat per e-pos aan lede versprei word onder die titel *Graan SA Perspektief* is in 2008 bekend gestel. Aktuele inligting oor die bedryf asook verwikkelinge in die inset-, produksie- en markomgewing



word deur die nuusbrief gekommunikeer. Die nuusbrief word ook op die webtuiste gepubliseer. Die *Graan SA Nuusflits* word ingespan om dringende, belangrike en relevante inligting – soos landbouproduksietoestande – aan lede te versprei.







## Radio

'n Tweeweeklikse RSG-radioprogram word deur die skakelbeampte bestuur en daar word met die reël van onderhoude van Graan SA-dagbstuurslede op verskeie radiostasies en uitsaaimedia gehelp. 'n Radioveldtog is in 2015 geïmplementeer wat op Engelssprekende stedelike belanghebbendes fokus. Tydens 'n landboubewustheidsveldtog is uitsaaigleuwe op 702 Talk Radio verkry.

## Gedrukte publikasies

Met 'n deurlopende fokus op die produsentelede van Graan SA as primêre teikengehoor, is deur middel van *SA Graan/Grain*-tydskrif voortgebou op die sukses van *Mielies/Maize* as mondstuk van die organisasie, maar ook as as gerespekteerde vaktydskrif van die graan- en oliesadebedryf. Die Ontwikkelende Landbouprogram publiseer maandeliks die *Pula Imvula*-nuusbrief – 'n publikasie wat in sewe tale vertaal word en op ontwikkelende produsente gemik is. Graan SA publiseer ook die jaarlikse *Graangids*, wat nuttige kontakte en artikels oor saad, werktuie, bemesting, geïntegreerde plaagbeheer, lewendehawe, geld en finansiële dienste en – laaste maar nie die minste nie – inligting oor Graan SA bevat, asook belangrike kontakte en 'n bygewerkte kalender vir die komende jaar.

Graan SA se jaarverslag, wat tydens Kongres dien, bevat volledige terugvoer oor die werksaamhede van die gekose leierskap en personeelkorps gedurende die jaar onder oorsig en sluit die geouditeerde finansiële resultate in. 'n Aantal tema-gefokusde pamflette vir spesifieke teikengehore word jaarliks geproduseer.

Ter ondersteuning van Graan SA se skakelaksies gemik op regeringsrolspelers, is 'n publiseringsooreenkoms met Cape Media aangegaan in 2012 vir die tweemaandelikse publisering van *Harvest SA*. 'n Bydrae is sodoende gelewer om 'n groter bewustheid van die graanbedryf en sy uitdagings by die teikenmark te skep, waarna die ooreenkoms in 2015 ten einde geloop het.

## Advertensieveldtogte

'n TV-advertensieveldtog wat op regeringsrolspelers gemik is, is gedurende 2013 van stapel gestuur. Die boodskap van die veldtog het gehandel oor die rol van landbou in voedselsekerheid asook die impak van samewerking oor 'n breë spektrum.



**'n TV-advertensieveldtog is in 2013 geloods.**



**'n "Landbou gee lewe"-veldtog en TV-advertensie is in 2015 geloods.**

